
die Boodskapper

Amptelike blad van die Afrikaanse Protestantse Kerk

No. 376 • November 2024



# Ester

LIG IN DUISTERNIS

*Ons verkondig Christus wat gekruisig is ... Christus, die krag van God en die wysheid van God – 1 Kor. 1:23-24*

November 2024 | No. 376

# INHOUD

DIE BOODSKAPPER • By die poskantoor as nuusblad geregistreer

## Die boek Ester

**REDAKSIONEEL**
**Ds. Schalk Strauss**
In Naam afwesig, in Persoon kragtig besig ........ **1**

**AMPTELIK** ........ **3**

**ONTVANG DIE WOORD**
**Dr. Tim Keller**
As ek omkom, dan kom ek om ........ **4**

**HOOFARTIKEL**
**Ds. Henning Dafel**
Die boek Ester se relevansie vir die kerk ........ **8**

**ARTIKELS**
**Ds. Ruan Combrink**
Inleiding tot Ester ........ **10**
**Prof. Koos Adendorff**
Christosentriese temas in die boek Ester ........ **12**
**Prof. Johan Bosman**
Ester: ’n Boek vir ons dag! ........ **14**
**Prof. Gerrit Smit**
Verskille tussen die Hebreeuse en Griekse weergawes van die boek Ester ........ **16**
**Ds. Wimpi Burger**
Joodse interpretasie van die boek Ester ........ **18**
**Dr. Barend Hefer**
Purimfees: Die lot of God? ........ **20**
**Ds. Pieter Malan**
Liturgie in die tyd van die Reformasie ........ **24**

**AKTUEEL**
Bestek: Bybelkenniseksamen ........ **7**
Huldeblyk: Danie Behrens ........ **21**
Bybelwoordblok ........ **22**
Smeltoond ........ **23**
Teologiese dag 2025 ........ **25**
Gemeentenuus ........ **26**

**IN DIE SPORE VAN GISTER MET PIETER & PIETER**
**Dr. Pieter Möller**
Generaal Christiaan Rudolf de Wet ........ **34**

**VAN KARSTOELTJIE TOT BESTUURDER**
**Hannekie Verwoerd**
Gevolge, gevolge ........ **35**

**VOORBLAD:**
**Hermann Anschütz se voorstelling van Ester (1822).**

**REDAKSIE**
**Eindredakteur**
Ds. HSW Strauss
**Subredakteur**
Mev. C Möller
**Redaksielede**
Di. RK Combrink, HJ Dafel, A Hough
**Redaksiesekretaresse**
Mev. M Langeveldt
publikasies@liginduisternis.co.za
**Advertensies**
Mev. M van Schalkwyk
boodskapper@apk.co.za

*Die Redaksie vereenselwig hom nie noodwendig met alle uitsprake of menings hierin opgeneem nie.*

**BELANGRIKE TELEFOONNOMMERS EN ADRESSE**
**Gemeenskaplike Kerkkantoor**
Kerkkantoor en Boekwinkel
**Tel.:** 012 362 1390
**Faks:** 012 362 2023
**Posbus** 25139
Monumentpark, 0105
Makoustraat 516, Monumentpark x2
**e-pos:** info@apk.co.za
**Webblad:** www.apk.co.za

**Die Afrikaanse Protestantse Akademie**
Administrasie
**Tel.:** 012 344 3960/1/2
**Faks:** 012 344 5480
**Posbus** 11488, Hatfield, 0028
Farendenstraat 430, Sunnyside
**e-pos:** info@apa.ac.za
**Webblad:** www.apa.ac.za

Gedruk en gebind deur:
BusinessPrint
**Bladuitleg:** Melaney Langeveldt
Uitgegee deur:
Lig in Duisternis UITGEWERS
www.liginduisternis.co.za



# In Naam afwesig, in Persoon kragtig besig

**Ds. Schalk Strauss**

Dat die Joodse volk deur die eeue heen die teiken van wêreldse haat, weersin, afkeer en vyandigheid was, is 'n onbetwiste feit. Anti-Semitisme is nie beperk tot die Bybelse geskiedenis nie, maar sou telkens deur die loop van die eeue skerp opvlam. Dink maar aan die wreedhede teen die Jode tydens die Tweede Wêreldoorlog. Tot onlangs toe is anti-Semitisme veroordeel en selfs gekriminaliseer. Met die hernude spanning in die Midde-Ooste en die konflik tussen Israel en Hamas met hul bondgenote, is anti-Semitisme besig om weer vlam te vat. Israel se optrede word wyd veroordeel, terwyl vyandelike magte letterlik en figuurlik besig is om op haar grense saam te drom in 'n poging om haar van die Jordaan tot by die Middellandse See ("from the river to the sea") uit te wis.

Dit maak natuurlik 'n boek soos Ester wat vertel hoe die Jode tydens die Persiese Ryk uitwissing in die gesig gestaar het, opnuut aktueel. Die gevaar is egter dat die boek bloot as 'n historiese geskrif beskou en hanteer word omdat daar geskiedkundige gebeure opgeteken is wat groot ooreenkomste toon met die tyd waarin ons leef. As historiese bron word dit dan 'n hulpmiddel aan die hand waarvan moderne Israel se politieke situasie ontleed en beoordeel word. Dit reduseer egter die boek tot 'n historiese bron met 'n politieke ondertoon waaruit die bestaansreg van die Joodse volk en hul reg om selfverdediging, geregverdig word.

**Hierdie gevaar word versterk deur feit dat God se Naam nêrens in Ester genoem word nie, wat baie Jode én Christene in onsekerheid oor die betroubaarheid en waarde van die boek dompel.[1]**

Al is Ester reeds so vroeg as die eerste eeu ná Christus en lank voor die Konsilie van Kartago (397) wyd deur die kerk as deel van die kanon erken, was daar steeds onsekerheid onder gelowiges oor die waarde daarvan. Soveel so dat iemand soos Martin Luther niks van die boek Ester gehou het nie. Volgens hom is dit nie waardig om as deel van die kanon beskou te word nie[2] en het hy dit in dieselfde kategorie as 'n boek soos 2 Makkabeërs geplaas. Hy is van oordeel dat Ester heeltemal te pro-Joods is en te veel heidense "onnatuurlikhede" bevat.[3]

Ten spyte van hierdie onsekerheid by sommige, word die boek Ester deur baie as 'n "literêre meesterstuk" en "literêre skat" beskou – selfs deur hulle wat die historisiteit van die boek ontken.[4] Uiteindelik is dit egter nie die literêre waarde daarvan wat gelowiges aangryp nie, maar eerder die teologiese. In hierdie uitgawe word daar dieper in hierdie teologiese waarhede gedelf om die verborge skatte van die boek te ontbloot.

In die boek Ester is bykans elke letter 'n bulderende getuienis van God se verbondstrou, voorsienigheid en soewereiniteit. Al word sy Naam in die boek verswyg, is Hy persoonlik en kragtig besig om die skuifstukke wat Hy gebruik om die uitkoms van sy raadsplan te bewerk, meesterlik te posisioneer sodat die vyand homself uiteindelik in 'n onafwendbare skaakmatposisie teenoor die triomferende Koning bevind.

Verskeie belangrike temas word in Ester aan die orde gestel. Elkeen van hulle drup van aktualiteit wat die tydloosheid van die boodskap van die boek onderstreep:

### Die stryd tussen lig en duisternis

Hierdie oeroue stryd word telkens in die geskiedenis bevestig.

---

1. M. Breneman, "Ezra, Nehemiah, Esther," in *New American Commentary*, (Nashwille: Broadman & Holman, 1993), 292-294.
2. M. Luther, *The Bondage of the Will*, trans. Edward Thomas Vaughan, Kindle (London: T. Hamilton, Paternoster- Row; and T. Combe, Leicester, 1823), 141.
3. M. Luther, *Table Talk*, trans. William Hazlitt, Esq. (Grand Rapids, MI: Christian Classics Ethereal Library, 1952), 21, https://bit.ly/4eLMaeJ
4. F. B. Huey Jr., "Esther," in *The Expositor's Bible Commentary: 1 & 2 Kings, 1 & 2 Chronicles, Ezra, Nehemiah, Esther, Job*, ed. Frank E. Gaebelein; vol. 4, (Grand Rapids, MI: Zondervan Publishing House, 1988), 4780-781.

Haman versinnebeeld die wêreld se haat vir God se kinders (vgl. Joh. 15:19). Waar koning Saul destyds ongehoorsaam was om die heidense Amalekiete te vernietig en gevolglik van sy koningskap gestroop is (vgl. 1 Sam. 15), word die stryd in hul nageslagte voortgesit. Waar Saul ongehoorsaam was om Agag dood te maak, gebruik God 'n ander Benjaminiet (Mórdegai) om sy oordeel teen die Amalekiete (Haman, die Agagiet) te voltrek. Lig oorwin. Die geskiedenis getuig dat die kop van Satan vernietig sal word.

### God se optrede hou sy verbondstrou in stand

Die verhaal het 'n uitstekende spanningslyn en die kinkels in die plot leer ons iets belangrik: God het Homself verbind om sy verbond met Abraham, Isak en Jakob te eerbiedig en geen instrument in Satan se hand sal sy verbondsbeloftes om vir Homself 'n volk te bewaar, kan fnuik nie.[5]

### God gebruik feilbare mense

Ester en Mórdegai se optrede en leefwyse was nie bo verdenking nie. Hul karakters was deurspek met sonde en selfgesentreerde ambisie. Mórdegai raai Ester aan om haar geloof geheim te hou (2:10, 20), terwyl Ester oënskynlik nie twee keer oor die etiese regverdigbaarheid van haar optrede dink wanneer sy kies om deel van 'n heidense, geskeide koning se harem te word nie (2:15-18). Die verhaal is vervuil met 'n mengsel van vrees en geloof en die leser is nie altyd seker met watter een hy te doen het nie.[6] Hoewel die motiewe en optrede van die twee hoofkarakters nie bo verdenking is nie, staan een ding soos 'n paal bo water: God gebruik mense ten spyte van hul feilbaarheid om sý raadsplan te volvoer.

> **Die hoofkarakters se twyfelagtige optrede herinner die leser dat God se getrouheid en verlossing uiteindelik nie afhanklik van sy kinders se getrouheid, of hul gebrek daaraan is nie.**

### God se "onsigbare" voorsiening

Gelowiges worstel dikwels met die spanning wat daar tussen God se "geopenbaarde" en "verborge" teenwoordigheid bestaan. Ons soek Hom dikwels in die sigbare en skouspelagtige dinge, maar sy onsigbare teenwoordigheid getuig daarvan dat Hy "hemel en aarde en al die skepsele met sy hand nog onderhou en so regeer dat ... alle dinge nie by toeval nie, maar uit sy vaderlike hand ons te beurt val" (HK So. 10 v/a 27).

### Skadubeelde van Christus

Hoewel baie teoloë versigtig is om die Ou Testament tipologies te interpreteer wanneer die Nuwe Testament self dit nie doen nie, is die skadu's van die Messias in die boek Ester onmiskenbaar. Koningin Ester plaas haar posisie in die paleis, en uiteindelik haar lewe, op die spel wanneer sy vir haar volk by die koning intree om hulle saak te bepleit. Hierteenoor staan die ware Messias as antitipe wat nie net sy posisie in die "hemelpaleis" in gevaar stel nie, maar dit inderdaad prysgee ter wille van sy volk; wat nie net bereid is om sy lewe te waag nie, maar dit inderdaad aflê sodat sy volk kan lewe.

### Feestelike reaksie en toetrede tot die stryd

Die verhaal word op 'n feestelike en triomferende noot afgesluit. God se volk tree jubelend tot die stryd toe en deel in die oorwinning oor die vyand. Die instelling van die Purimfees rig opnuut die oog na bowe en herinner gelowiges daaraan om gereeld die oorwinning oor die vyand feestelik te herdenk, terwyl hulle Geesvervuld en dapper daardie vyande wat hulle persoonlik en kollektief bedreig, tegemoet stap.

Hierdie hoofgedagtes bring groot vrede vir God se kinders wat in 'n wêreld vol haat en vyandigheid, 'n wêreld wat baie meer anti-Christelik as anti-Semities is, moet oorleef. Die vraag is: Vind ons waarlik rus in die boodskap van hierdie boek? Sien ons God se hand in ons lewens en in die verloop van die wêreldgeskiedenis, al word sy Naam verswyg? Wie die boek Ester met die oog gerig op die hemele lees, kan nie anders as om moed te skep nie. Toe die Fariseërs Jesus tydens sy intog in Jerusalem versoek om die skare wat Hom verheerlik het, stil te maak, antwoord Hy: ... *as hulle swyg, sal die klippe uitroep* (Lk. 19:40). Dit is wat in Ester gebeur. Die Verbondsgod se Naam word verswyg, maar die verloop van die geskiedenis getuig onbevange saam met Jesaja 14:27:

> *... die HERE van die leërskare het dit besluit – wie sal dit kan verydel? En sy hand is uitgestrek – wie sal dit kan afkeer?*

---

5. A. Garriot, "3 Things You Should Know about Esther," Ligonier Ministries, toegang: 6 Maart 2024, https://bit.ly/4eKxnRF

6. Garriot.

## LERAAR BEROEPBAAR



Ds. Greyling van Rooyen het sy studies suksesvol voltooi en is weer deur die Kuratorium beroepbaar gestel. Sy telefoonnommer is 079 887 5107.

## LIEF EN LEED

Ds. CJ Janse van Rensburg (emeritus) is op 15 September oorlede. Ons bid sy naasbestaandes die troosryke nabyheid van die Here toe.

## CVO-SKOOLKWARTALE 2025

Eerste kwartaal: 15 Januarie – 4 April
Tweede kwartaal: 22 April – 27 Junie
Derde kwartaal: 21 Julie – 3 Oktober
Vierde kwartaal: 13 Oktober – 10 Desember

## SKOOLKWARTALE 2025

Eerste kwartaal: 15 Januarie – 28 Maart
Tweede kwartaal: 8 April – 27 Junie
Derde kwartaal: 22 Julie – 3 Oktober
Vierde kwartaal: 13 Oktober – 10 Desember

## *DIE BOODSKAPPER*
## Beplande verskyningsdatums 2024

| Maand | Kopie in by Redakteur | Verskyningsdatum |
|---|---|---|
| **Des 2024/Jan 2025** | 11 Oktober | 26 November |

## Beplande verskyningsdatums 2025

| Maand | Kopie in by Redakteur | Verskyningsdatum |
|---|---|---|
| **Februarie 2025** | 12 November | 27 Januarie |
| **Maart 2025** | 14 Januarie | 25 Februarie |
| **April 2025** | 13 Februarie | 24 Maart |
| **Mei 2025** | 14 Maart | 24 April |
| **Junie 2025** | 16 April | 26 Mei |
| **Julie/Augustus 2025** | 8 Mei | 23 Junie |
| **September 2025** | 10 Julie | 25 Augustus |
| **Oktober 2024** | 15 Augustus | 25 September |
| **November 2024** | 18 September | 27 Oktober |
| **Des 2025/Jan 2026** | 15 Oktober | 25 November |

## Advertensietariewe 2025

| Grootte | mm (hoogte x breedte) | Prys (swart & wit) | Volkleur |
|---|---|---|---|
| **1/16 blad** | 40 x 90 mm | R230 | *Nie beskikbaar* |
| **1/8 blad** | 65 x 90 mm | R640 | *Nie beskikbaar* |
| **1/4 blad** | 124 x 90 mm | R1 350 | R2 850 *(binne-agterblad)* |
| **1/2 blad** | 124 x 180 mm | R2 200 | *Nie beskikbaar* |
| **Volblad** | 246 x 180 mm | R3 650 | *Nie beskikbaar* |
| **Binne-agter – 1/2** *(indien beskikbaar)* | 148 x 200 mm | Volkleur | R4 880 |
| **Binne-agter – vol** *(indien beskikbaar)* | 297 x 210 mm | Volkleur | R6 950 |
| **Agterblad – 1/2** *(indien beskikbaar)* | 148 x 200 mm | Volkleur | R4 900 |
| **Agterblad – vol** *(indien beskikbaar)* | 297 x 210 mm | Volkleur | R8 400 |

*50% afslag indien AP kerksake geadverteer word.*

**Bankinbetalingsbesonderhede:**
Rekeningnaam: APK • ABSA Tjekrekening: 214 014 3068
Elektroniese takkode: 632 005
*Gebruik die DB-nommer wat aan u toegeken word as betalingsverwysing. Sodra ons u advertensie ontvang, stuur ons vir u die DB-nommer.*

## FEES- EN OPENBARE VAKANSIEDAE* 2025

| | |
|---|---|
| **1 Januarie** | Nuwejaarsdag |
| **21 Maart** | Openbare vakansiedag |
| **18 April** | Goeie Vrydag |
| **20 April** | Paassondag |
| **21 April** | Gesinsdag |
| **6 April** | Van Riebeeckdag |
| **27 April** | Openbare vakansiedag |
| **28 April** | Openbare vakansiedag |
| **1 Mei** | Openbare vakansiedag |
| **29 Mei** | Hemelvaart |
| **31 Mei** | Republiekdag |
| **8 Junie** | Pinksterfees |
| **16 Junie** | Konsentrasiekampdag |
| **9 Augustus** | Openbare vakansiedag |
| **14 Augustus** | GRA-dag |
| **24 September** | Openbare vakansiedag |
| **10 Oktober** | Krugerdag |
| **26 Oktober** | Hervormingsfees |
| **16 Desember** | Geloftedag |
| **25 Desember** | Christusfees |
| **26 Desember** | Openbare vakansiedag |

**Alle feesdae is nie noodwendig openbare vakansiedae nie.*



# As ek omkom, dan kom ek om[1]

**Dr. Tim Keller**[2]

**Skriflesing:** Ester 4:5-17

Nadat Ahásveros van Vasti ontslae geraak het, het hy Ester, 'n mooi, jong, Joodse meisie, as koningin van die Persiese Ryk geneem. Uit die teksgedeelte waarin die verhaal van Ester verder ontvou, is daar drie sake wat opval: Die belangrikheid van die paleis, die gevaar van die paleis en hoe om, soos Ester, met waardigheid in die paleis te leef.

## Die belangrikheid van die paleis

In die eerste paragraaf lees ons hoe Mórdegai in sak en as by die ingang van die koning se paleis, die kulturele middelpunt van die stad Susan, rouklaag. Vandaar het die wette en idees uitgegaan wat alle aspekte van die lewe beïnvloed het. Ester is in die paleis, in die koninklike binnekring, en Mórdegai probeer om haar aandag met sy rouklag te trek. Op hierdie stadium was daar groot kragte in die Persiese Ryk aan die werk met die doel om die Joodse volk uit te wis weens hul bedreiging. Dit het gelei tot 'n koninklike bevel dat die Jode op 'n bepaalde datum uitgewis moes word. Dit is hierdie bevel wat Mórdegai na Ester bring om haar te oorreed om haar posisie in die paleis te gebruik om hierdie onreg te stuit. Sy moet iets doen (vgl. v. 4, 8).

Die eerste saak wat ons uit die gedeelte leer, is dat God nie net predikante en sendelinge in sy diens gebruik nie. Hy gebruik ook gewone mense in 'n sekulêre omgewing. Hy gebruik mense binne én buite die kerk, in kerklike én sekulêre beroepe. God se doel is nie net dat individue gered word en hemel toe gaan nie. Uit die boek Openbaring lei ons af dat God aarde toe gekom het om hierdie materiële wêreld te reinig en te vervolmaak sodat die gebroke wêreld weer heel is. Ons verhouding met God is gebroke en moet herstel word. Dit doen ons deur die prediking. Maar die wêreld moet ook gered word – van rassehaat, oorlog, geweld, onderdrukking. Ons verhouding met die natuur is ook gebroke – daar is plae, hongersnood, dood.

God se doel is dus nie net dat ons verhouding met Hom herstel word nie, maar dat die wêreld ook verlos word. Dit is nie net die werk van predikante, sendelinge en kerklidmate nie, maar ook hulle wat arbei in regspleging, die mediese veld, die besigheidswêreld, die kunste. Almal behoort hierby betrokke te wees – tuiniers, boere, bankiers, kunstenaars. Ester is 'n goeie voorbeeld hiervan.

Die Jode is in ballingskap en Jerusalem is vernietig. Op hierdie stadium in die Bybelse geskiedenis het hulle reeds toestemming gekry om terug te keer en hulle is op pad terug. Die boek Ester is een van drie boeke in die Bybel wat getuig hoe God sy volk verlos. Die ander twee is Esra en Nehemía. Ester is nóg deel van 'n gemeente, nóg buite op die markplein. Sy is in die paleis vanwaar sy haar vir geregtigheid en vir 'n meer regverdige sosiale orde beywer. Esra het gewerk aan die volk se geestelike herstel en Nehemía het hulle gehelp om ekonomies op die been te kom. God gebruik manne en vroue in verskillende sfere! Sien u dus hoe belangrik dit vir gelowiges is om orals te wees? Waar ons ook al woon of werk, dáár is ons in die paleis. Jy mag dalk redeneer dat jou posisie nie die belangrikste in die samelewing is nie, maar jy is steeds in die paleis. Baie mense beklee belangrike posisies en werk hard vir hul eie vooruitgang. Ons wat buite die paleis staan, het julle nodig!

Baie jongmense gebruik hul tyd om vir hulself naam te maak en hul loopbane en netwerke uit

te bou. Dit dien egter nie die samelewing nie. Jy moet besef jy is in die paleis, op 'n bepaalde plek, met 'n spesifieke doel en daar moet jy dien. Jy beklee jou koninklike posisie met die oog hierop. Jy mag dalk soos Ester voel dat jy dit net-net gemaak het en enige oomblik uitgeskop kan word, maar wat daarvan? Jy is steeds geroep. Miskien voel jy skuldig oor die manier waarop jy jou posisie bereik het en daarom het jy nie soveel vrymoedigheid om vir die koninkryk op te staan nie. Jou gewete is dalk nie heeltemal skoon nie. God sê: Besef waar jy is. Besef die belangrikheid daarvan om in die paleis te wees. As jy dit dalk nog nie voorheen besef het nie, maar nou daarvan bewus word, sal Ek jou gebruik as jy bereid is om aan my roepstem gehoorsaam te wees.

## Om in die paleis te wees, hou groot gevaar in

Wat is die groot gevaar?

> *Al die dienaars van die koning en die volk van die provinsies van die koning weet dat vir elke man of vrou wat na die koning in die binneste voorhof ingaan, sonder dat hy geroep is, een en dieselfde wet geld: hy moet gedood word; behalwe wanneer die koning sy goue septer na hom uitsteek, dat hy mag lewe; en ek is nou al dertig dae lank nie geroep om by die koning in te kom nie* (Est. 4:11).

Ester spel die gevaar uit. Om ongenooid na die koning te gaan, kan haar dood beteken. As 'n mens tussen die reëls lees, sê sy vir Mórdegai: "Die vorige koningin was voor op die wa. Jy vra van my om alles op te offer. Hoe kan ek dit doen? Jy weet nie wat jy van my vra nie." Hierop antwoord Mórdegai: "Natuurlik weet ek wat ek van jou vra."

Uit 'n retoriese, narratiewe en teologiese oogpunt is Mórdegai se antwoord in 'n sin die hoogtepunt van die boek. Hy sê vir Ester: "As jy nie bereid is om jou posisie in die paleis op die spel te plaas nie, gaan jy alles verloor." Hy herinner haar dat sy nie moet dink dat haar posisie in die paleis haar vrywaar van die lot wat haar volksgenote getref het nie. "As jy stilbly in 'n tyd soos hierdie, sal daar uit 'n ander oord vir die volk verlossing kom, maar jy en jou vader se huis sal vergaan." Wat hy dus eintlik vir haar sê, is: "As jy bereid is om jou posisie in die paleis op die spel te plaas, *kan* jy dalk alles verloor. Maar as jy nie bereid is om jou posisie op die spel te plaas nie, *gaan* jy alles verloor." Dit is nogal 'n oortuigende argument, nie waar nie? Hy sê eintlik: "As al die Jode uitgemoor word, gaan jy ook uitgesnuffel en doodgemaak word. As die Jode nie doodgemaak word nie, gaan jy steeds uitgesnuffel en as 'n verraaier ontbloot word." Dit mag na 'n liefdelose reaksie klink, maar dan sê Mórdegai in vers 14: *... wie weet of jy nie met die oog op 'n tyd soos hierdie tot die koninklike waardigheid geraak het nie?*

## Om met waardigheid in die paleis te leef

Die eerste saak wat ons uit Mórdegai se antwoord aan Ester aflei, is dat ons ons invloed, posisie, verhoudings en geld nie as iets moet sien wat primêr bedoel is om ons eie lewens of loopbane mee te bevorder nie. Dit is gegee sodat ons hulle wat buite die paleis is, daarmee kan dien. Dit beteken dat ons hierdie dinge moet gebruik om die wêreld wat in nood verkeer, te dien. As jy dit nie doen nie, is die paleis alreeds 'n tronk. Jy moet bereid wees om dit op die spel te plaas, anders gaan dit jou vernietig.

Die gevaar is groot dat ons ons identiteit en sekuriteit vind in ons posisie binne die paleis: baie geld, duur klere, toegang tot eksklusiewe plekke, invloed en aansien. Hierdie dinge verswelg 'n mens en as jy dit verloor, dan is jy niks. Dit keer ons om enigiets te doen wat daardie posisie in gedrang kan bring. Daarom kyk ons dikwels anderpad as dit kom by onetiese praktyke. En ons liefdegawes is dalk 'n bietjie hier en 'n bietjie daar, maar 'n radikale 10-20% van ons inkomstes elke jaar vir hulle daar buite? Nooit as te nimmer, want dit kan ons posisie in die paleis in gevaar stel! Wat Mórdegai sê, is dat as jy nie bereid is om jou posisie in die paleis op die spel te plaas nie, dan het dit jou verslind. Dan swaai die stert die hond.

'n Paar jaar gelede het 'n vrou my ná 'n erediens ontmoet. Sy het verduidelik dat sy Christenskap ondersoek. Sy was nie gelowig nie, maar het die kerklike aktiwiteite interessant gevind. Ek wou toe weet hoe sy by ons kerk uitgekom het.

"Nie lank gelede nie het ek 'n baie groot fout by my werk gemaak wat my eintlik my werk moes kos, maar my baas het die houe namens my gevat. Hy het volle verantwoordelikheid aanvaar vir wat ek gedoen het. Sy optrede was tot 'n mate verstaanbaar,

1. Vry verstaal en verkort deur ds. Schalk Strauss. Geneem uit Timothy J. Keller, *The Timothy Keller Sermon Archive* (New York City: Redeemer Presbyterian Church, 2013).

maar hy het nie nodig gehad om dit te doen nie. Hy het weliswaar nie sy werk verloor nie, maar sy reputasie het skade gely. Hy het nie meer dieselfde beweegruimte as voorheen gehad nie. Dit het my stomgeslaan.

"Ek het hom gaan sien en gesê: 'Ek werk nou al lank hier en het al baie beleef hoe my bestuurders krediet neem vir iets wat ek gedoen het, maar ek het nog nooit beleef dat 'n bestuurder die blaam neem vir iets wat ek gedoen het nie. Waarom was jy bereid om dit te doen?' Hy was baie nederig en wou eers nie antwoord nie. Uiteindelik het hy geantwoord: 'Ek is 'n Christen. Jesus Christus het my skuld op Hom geneem. Dit is waarom ek die begeerte en die vermoë het om die blaam vir iemand anders se fout op my te neem.'" Hierop wou sy weet waar hy kerk toe gaan en dit is hoe sy by ons uitgekom het.

Sy het beleef dat haar bestuurder iemand was wie se identiteit nie aan die paleis verbind was nie; dit het hom nie verswelg nie. Die paleis was vir hom slegs 'n middel, 'n stuk gereedskap wat hy kon gebruik. Sy identiteit en waarde was in iets anders gesetel. Daarom kon hy eerlik wees oor wat gebeur het, die skuld op homself neem en keer dat die vrou haar werk verloor. Hy kon sê: As ek omkom, dan kom ek om. Kan óns dit doen? Die vraag is eintlik: Hoe kry 'n mens 'n identiteit wat in iets anders as die "lekkerkry" in die paleis gesetel is? In Mórdegai se reaksie word daar op die antwoord gesinspeel – genade: ... *wie weet of jy nie met die oog op 'n tyd soos hierdie tot die koninklike waardigheid geraak het nie?* Hy sê dat Ester se posisie in die paleis aan genade te danke is. Haar skoonheid het sy nie self verdien nie, nóg die geleentheid wat sy gekry het. Baie van ons sal gou antwoord: "Wag 'n bietjie! Jy weet nie hoe hard ek gewerk het om te wees waar ek vandag is nie." Jy het egter gewerk met talente wat jou geskenk is; deure is met geleenthede vir jou oopgemaak. Alles wat jy is en alles wat jy het, is te danke aan genade.

Ester reageer só daarop: "Goed, doen jy *hierdie* en *hierdie* en *hierdie*, dan sal ek *daardie* en *daardie* en *daardie* doen. As ek omkom, dan kom ek om." Ons kan egter nie die preek hier afsluit nie. Jy mag dalk geïnspireer wees deur Ester se voorbeeld om groter risiko's te neem, geregtigheid te soek en meer betrokke te wees. So 'n modus operandi gaan egter nie hou nie, want jou motivering hiervoor is eerstens gegrond op jou skuldgevoel. Jy voel skuldig en daarom wil jy harder probeer. Dit gaan nie lank hou nie, want om soos Ester te wees, is harde werk. Die tweede rede waarom dit nie lank sal hou nie, is omdat skuldgevoelens dikwels kortstondig is. Dit verander jou nie regtig nie.

Baie mense wat besef dat hulle nie genoeg buite die paleis getuig nie, oorreageer en begin dan om elke hoek en draai geloofsake praat. Hulle het egter nog nie werklik die paleis verlaat nie, want hulle vind steeds hul identiteit in hul prestasies. Om uitgesproke oor geloof te wees, raak 'n prestasie. Jy is egter steeds 'n Fariseër, want jy het nog nie regtig verander nie. Jy regverdig jouself. Jy gaan dus óf stoom verloor, óf jy gaan 'n Fariseër word wanneer jy Ester bloot as voorbeeld wil navolg. 'n Goeie voorbeeld kan vernietigend wees, want dit stel 'n onmoontlike standaard. Veral wanneer 'n mens in ag neem wat sy bereid was om te doen.

Ester het haar volk deur twee sake gered: identifisering en bemiddeling. Sy het met haar mense geïdentifiseer. Sy het nie die veilige roete gekies nie.

**Haar volk was veroordeel, maar sy het met hulle geïdentifiseer en sodoende ook onder veroordeling gekom en haar lewe gewaag deur te sê: "As ek omkom, dan kom ek om."**

Omdat sy met hulle geïdentifiseer het, kon sy ook bemiddel. Sy kon voor die magstroon verskyn op 'n manier wat niemand anders kon nie. Omdat sy gewaag het en guns verkry het, is daardie guns ook aan haar volk toegereken.

Herinner dit jou dalk aan iemand? Jesus Christus het in die hemelpaleis gewoon. Hy is die Seun van God en het volmaakte skoonheid en die hoogste heerlikheid gehad. Dit het Hy agtergelaat sonder dat enigiemand Hom moes oortuig of dwing om dit te doen. Hy wat aan die Vader gelyk was, het nie aan sy posisie vasgeklou nie (vgl. Filip. 2). Hy het nie net sy lewe gewaag nie, Hy het sy lewe gegee. Hy het nie gesê: "As Ek omkom, dan kom Ek om nie, maar *wanneer* Ek omkom, dan kom Ek om." Hy sterf aan die kruis om versoening vir ons sondes te doen. Hy kom voor die troon van God te staan en die guns wat Hy verdien, word ons toegereken. As ons glo, is dit ons s'n.

As jy Ester as 'n voorbeeld wil navolg, gaan dit jou vernietig. Jy gaan nie aan die eise kan voldoen nie. As jy Jesus Christus as jou Verlosser en nie as 'n voorbeeld beskou nie, as jy weet hoe waardevol jy vir Hom is en dat jou toekoms verseker is, verander dit jou identiteit. Jou sekuriteit en waarde is nou in Hom. Die oomblik as dit gebeur, raak al die ander dinge in jou lewe nutteloos. Jy is bevry en is bereid om die risiko te loop om dit te verloor.

**Ester was deur God se genade gemotiveer, maar ons weet vandag soveel meer as sy. Sy het nie geweet dat God self aarde toe sou kom om presies te doen wat sy gedoen het nie – net op 'n oneindig meer omvangryke skaal.**

Wat is dan ons verskoning? As sy gedoen het wat sy gedoen het op grond van wat sy geweet het en ons weet soveel meer ten opsigte van ons waarde voor God, sy genade, en oor ons toekoms, wat is dan ons verskoning? Ons het geen verskoning nie! Ons het gesien wat Jesus Christus vir ons gedoen het en hoe Hy sy plek in die paleis ter wille van ons heil prysgegee het. Vanuit ons posisie in die paleis moet ons nou die wêreld help genees. As jy die woorde "as ek omkom, dan kom ek om" in navolging van die Here Jesus lees, sien jy vier dinge raak.

Eerstens is dit 'n oproep om met die uitgeworpenes en onderdruktes in die samelewing te identifiseer en hulle te help. Tweedens is dit die taal van "avontuurlike" sending. Waar jy jou ook al bevind, is jy in 'n unieke posisie geplaas om ander te help en die koninkryk van God te bevorder. Derdens is dit die taal van onvoorwaardelike gehoorsaamheid waardeur jy jou bereid verklaar om God te volg, kom wat wil. Laastens, Ester was 'n heldin en 'n grootse persoon. Sy het egter nie belangrikheid verkry omdat sy probeer het om iemand belangriks te wees nie, maar omdat sy bereid was om die Een te dien wat gesê het: "Vader, laat u wil geskied."

## BESTEK VIR BYBELKENNISEKSAMEN 2025

| Graad | Ou Testament | Nuwe Testament | Handboek |
|---|---|---|---|
| **Graad 4** | Génesis 6-9; Exodus 12 | Matthéüs 21-23 | Les 1-9 |
| **Graad 5** | Númeri 22-24 | Lukas 4, 5; Johannes 10, 11 | Les 1-9 |
| **Graad 6** | Rut 1-4 | Handelinge 4-6; Filippense 3-4 | Les 1-9 |
| **Graad 7** | 1 Samuel 8-10; 1 Konings 3 | 1 Thessalonicense 1-5 | Les 1-9 |
| **Graad 8** | Levítikus 1-3; Nehemía 1-4 | Jakobus 4-5; 1 Petrus 3-4 | Les 1-9 |
| **Graad 9** | Daniël 4-6; Jes. 12-14 | 1 Johannes 1-3 | Les 1-9 |
| **Graad 10** | Hoséa1-3; Joël 1-2; Job 5 | Efésiërs 1-2; Hebreërs 5-6 | Les 1-9 |
| **Graad 11** | Miga 1-3; Nahum | Romeine 9-11; 2 Korinthiërs 1-3 | Les 1-9 |
| **Belydende lidmate** | Exodus 32-34; Nehemía 1-4 | Hebreërs 11-13; Openbaring 5-8:2 | NGB: Artikels 30-32 |


**ONS STRANDDAKKIE HARTENBOS**

Vakansiewoonstel loopafstand vanaf die hoofstrand. 2-slaapkamer (slaap 6), volledig toegerus met DStv.

**Kontak Mercia: 065 991 1966 / 072 600 2430**

**VOORNEMENDE EN HUIDIGE KOVSIES**

Vind u geestelike tuiste en skakel in by ons bedrywighede.

**AP Kerk Bainsvlei – kontak ons by 082 614 5857**

**Adverteer in *Die Boodskapper*!** Vir meer inligting stuur 'n e-pos na boodskapper@apk.co.za



# Die boek Ester se relevansie vir die kerk

**Ds. Henning Dafel**[1]

**Dikwels vervaag ewige realiteite in die waas van tydelike verwikkelinge. Soms gebeur dit dat God se mense hulself in die loopgrawe van 'n hewige stryd bevind en op daardie oomblik mag dit dalk blyk dat die herinnering aan God se verlossingsplan in hul harte die enigste merkbare oorblyfsel van God se genade is. Ester is maar een uit talle voorbeelde hiervan.**

Met die eerste oogopslag lees ons in die boek Ester van drie leidende figure: 'n ruggraatlose koning wie se aptyte sy handel en wandel dikteer; 'n magsbehepte despoot wat nie huiwer om dié wat in sy pad staan, te vertrap nie; 'n onbeweegbaar standvastige figuur wat weier om die knie te buig. Naas hierdie figure is daar ook 'n sleutelfiguur wat as't ware tussen hulle staan – die weeskind, Hadássa, wat deur 'n reeks onverwagte gebeure die koningin van Persië word. So vaag is die realiteit van God se verlossing in hierdie Bybelboek dat sommige selfs reken dat patriotisme die hoofdryfveer vir Mórdegai se onverskrokkenheid was en nie sy geloofsoortuigings nie. Wat wel duidelik is, is dat, anders as in Exodus waar God 'n goddelose maghebber met plae tref om sy volk te bevry, God hier só op die agtergrond is dat sy Naam selfs nie eers genoem word nie.

## God is getrou

Tog moet ons nie so deur gebeure of die intrige in die boek verblind word dat die realiteit agter die boek vir ons verlore raak nie. Sou Haman suksesvol wees in sy voornemens, sou dit prakties beteken dat die geslag van Dawid ook sou uitsterf. Daar sou geen saad van die vrou wees wat die kop van die slang kon vermorsel nie. Die duiwel sou die oorhand kry. Hier gaan dit dus nie bloot net oor die voortbestaan van 'n volk nie, maar oor die integriteit van die God van Abraham, Isak en Jakob. Gaan Hy sorg dra dat sy beloftes rakende die Messias in vervulling gaan, gaan Hy getrou bly, of gaan Hy die werk van sy hande laat vaar?

In 'n tyd waar daar geen sigbare vordering ten opsigte van die Messias se koms gemaak is nie, in 'n tyd waar daar nie 'n tempel, offers, of selfs 'n florerende volk sigbaar was nie, kan 'n mens maklik vra of die slang nie besig was om te wen nie. Al wat ons sien is sy hakskeenbytery en geen kopvermorseling nie. Sulke omstandighede kan maak dat 'n mens voel asof die Here ver is, asof Hy dalk selfs van sy beloftes vergeet het. Tog is die teendeel waar. God se Naam is nie in die letters van die boek vermeld nie, maar as jy tussen die lyne lees, kan jy Hom nie miskyk nie.

God is nie doof of blind nie: *Die oë van die HERE is op die regverdiges, en sy ore tot hulle hulpgeroep* (Ps. 34:16). Sy hande is nie slap nie: *Kyk, die hand van die HERE is nie te kort om te help nie ...* (Jes. 59:1). Nie net kan Hy help nie, maar Hy is reeds aktief besig om dit te doen, al sien ons dit nog nie:

> *En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is* (Rom. 8:28).

Dit verander egter nie die feit dat God se kinders soms erge storms moet trotseer nie (vgl. Mk. 4:35-41). Soms is dit selfs storms wat onuitwisbare littekens op sy kinders se harte laat (vgl. Ex. 1:22; Job 1:13-22). Tog beteken dit nie God is afwesig of passief nie. Anders sou die boek Ester nie vir ons as getuienis van sy getrouheid behoue gebly het nie.

### Ons verantwoordelikheid

Die boek Ester los ons nie bloot as passiewe passasiers met geen verantwoordelikheid of roeping nie. Ester en Mórdegai se voorbeeld is juis 'n rigtingwyser. Jou vertroue in God moet juis in jou dade en jou woorde sigbaar word. Prakties gesproke moet die God bo jou veel swaarder weeg as die mense voor jou. Dit beteken dat my gehoorsaamheid aan God groter moet wees as aan enige gesag of wet (vgl. Hand. 5:29). As God dit van ons eis, dan is dit nie ons plek om te vra of iets prakties, sinvol of winsgewend is nie. Dit is nie ons plek om te vra of God se plan gaan werk of nie (vgl. Mt. 6:33). Trouens, ons word gewaarsku dat dít wat vir God wys is, vir mense dwaas lyk (vgl. 1 Kor. 1:18-25). Ons roeping is om in geloof en vertroue, teen wil en dank, hardkoppig getrou te wees aan ons Here en Verlosser.

Juis daarom moet die gelowige se identiteit in Christus en sy roeping as 'n medewerker van God juis nie as 'n toevalligheid gesien word nie. Wanneer die gelowige beleef dat sy mense, of sy dorp, of sy volk, of sy staat, of selfs sy kerk hom verwerp, mag dit hom nie in sy roeping stuit nie. Ons hemelse burgerskap moet vir ons soveel weeg dat ons met oortuiging saam met Paulus in Filippense 1:20-21 kan bely: ... *maar dat Christus met alle vrymoedigheid, soos altyd so ook nou, groot gemaak sal word in my liggaam, of dit deur die lewe of deur die dood is. Want vir my is die lewe Christus en die sterwe wins.*

God onderhou sy kerk. Hy sal nooit die werke van sy hande laat vaar nie. Dit maak dus nie saak hoe oorweldigend en onoorkombaar die omstandighede of die teenstanders blyk te wees nie, daar is 'n groter realiteit as dit wat voor oë is. Paulus verwoord hierdie roeping só in 2 Korinthiërs 4:16-18:

> ***Daarom gee ons nie moed op nie, maar al vergaan ons uiterlike mens ook, nogtans word die innerlike mens dag ná dag vernuwe. Want ons ligte verdrukking wat vir 'n oomblik is, bewerk vir ons 'n alles oortreffende ewige gewig van heerlikheid; omdat ons nie let op die sigbare dinge nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig.***

### Prakties gesproke

Dit los ons met 'n praktiese roeping om as gelowiges te gaan sit en dink, om te beplan en ja, dalk selfs te droom oor wat ons kan doen om God se koninkryk se grense uit te bou. Let wel: Nie hoe ek mý koninkryk in God se naam kan bou nie, maar eerder hoe ek, soos Paulus en vele ander, aktief iets kan doen wat Gód se koningskap duideliker sigbaar sal maak.

Die proses begin met die heiligmaking van jou eie hart. Dit is nie 'n roeping wat stilweg iewers in 'n hoekie uitgeleef moet word nie, maar juis 'n oproep om te gáán en dissipels van al die nasies te maak. Hoor dus: praktiese beplanning en verantwoordbare dade waaroor daar later getuig kan word. Nié 'n passiewe wag dat Gods water oor Gods akker moet loop nie: "Hierdie belofte moet aan alle volke en mense, aan wie God na sy welbehae die evangelie stuur, sonder enige onderskeid verkondig en bekend gestel word, met die eis tot bekering en geloof" (DL 2.5).

### Doen dit biddend

Laastens is dit iets wat in ons gebede moet uitspeel. Die manier hoe Ester vastend voorberei het om haar roeping uit te leef, is vir ons 'n goeie voorbeeld. Dit is die enigste manier hoe ons die vrees en onsekerheid in ons binneste sal kan besweer.

God word verheerlik wanneer sy kinders veel vrug dra. Daarom kan ons saam met Mórdegai eggo: Dalk het God ons juis vir 'n tyd soos hierdie opgerig ...

---

1. Leraar van die AP Kerk Potgietersrus.


**ST LUCIA – Vakansiewoonstel te huur**

2 slaapkamers, 1 badkamer (stort en bad), balkon, veilige parkering (afdak) binne in die kompleks, swembad en braaigeriewe, gratis wi-fi.

**SMS 068 535 3885 vir meer inligting en foto's**

**SUIDKUS VAKANSIEWOONSTEL – DOONSIDE**

See-uitsig, skoon, goed toegerus met slim-TV en wi-fi. Veilige onderdakparkering agter elektroniese motorhek met 24 uur sekuriteit. Braaigeriewe, swembad, kafee, haarsalon en wassery onder in die gebou. Billike tariewe binne en buite skoolvakansies.

**082 390 9465 / lettiefour@gmail.com**



# Inleiding tot Ester

**Ds. Ruan Combrink**[1]

Dit is welbekend dat die Naam van God glad nie in die boek Ester voorkom nie. Daar is ook geen enkele verwysing na offers of gebed tot God nie. Wanneer die volk uitwissing in die gesig staar, is daar rou, gevas, geween en as op die hoofde (vgl. 4:1-3), maar geen sprake van gebed, verootmoediging of smeking by God nie. Wanneer die volk uit hierdie benoudheid verlos is, is daar feesdae met maaltye, lekkernye, vrolikheid, vreugde en eer (vgl. 8:16-17; 9:18-19), maar geen aanbidding in die vorm van 'n loflied of gebed nie. Hierdie oënskynlike gebrek aan God se teenwoordigheid in die verhaal prikkel onmiddellik die leser se nuuskierigheid, miskien veral die moderne leser wat hierdie boek lees as een van die 66 boeke van die Bybel wat immers God se openbaring is.

Sou die treffende geskiedenis van Mórdegai en Ester wel die leser met die eerste lees daarvan interesseer, sal 'n verdere ondersoek na die boek selfs meer interessanthede oplewer. Die leser mag dalk in enkele verse ontdek dat God nie so afwesig is as wat dit met die eerste oogopslag mog lyk nie (vgl. 4:13-14; 6:13), maar dat die skrywer, wat meesterlik te werk gegaan het, miskien doelbewus nie direk na God verwys nie om juis daardeur iets te openbaar van hoe God werk.

Baie van die waardevolle inligting, diepte-insigte, fyner besonderhede en heilshistoriese belang van 'n boek word eers opgediep wanneer genoegsame agtergrondinligting van 'n boek aan ons bekend is. Dit is dus raadsaam om te ondersoek wie die skrywer en ontvangers van 'n boek is, wat die genre daarvan is, wanneer en waar dit afgespeel het en wat die doel, literêre struktuur en hooftemas daarvan is. Hierdie oorweginge word die "inleidingsvrae" genoem en dit is waarop hierdie artikel fokus.

## Genre

Die vraag wat waarskynlik die meeste hoofbrekens in verband met die boek Ester besorg, is waarskynlik die vraag na die literêre genre van die boek. Ester lees soos 'n kortverhaal met die karakters wat bekendgestel en die agtergrond wat geskets word van hoofstuk 1 tot 5 (ook die draaipunt in die verhaal), die onverwagse kinkel in die storielyn in hoofstuk 6, klimaks in hoofstuk 7 en die amper sprokiesagtige gelukkige einde in hoofstuk 8-10. Die uitstekende narratief, gebruik van ironie en die struktuur in die samestelling lei sommige om te glo dat Ester 'n gelykenis of allegorie kan wees. Die onvermoë om sommige van die rolspelers, soos Vasti, Ester, Mórdegai en Haman uit ander bronne te identifiseer, versterk hierdie oorweging. Die skrywer doen egter moeite om die fynste besonderhede van die gebeure op te teken.

Die fees van koningin Vasti (vgl. hfst. 1) word uitvoerig beskryf, die name van die sewe vorste naby aan die koning (vgl. 1:14), en van hofamptenare (vgl. 1:10; 2:3, 8; 4:5; 7:9). Al tien seuns van Haman (vgl. 9:7-9) word genoem en al die gebeure spesifiek gedateer (vgl. 3:7; 8:9, 12; 9:1, 17, 19, 21). Die skrywer verwys selfs na die Persiese hofrekords vir verifikasie van Mórdegai se posisie in hoofstuk 10:2! Op grond van hierdie getuienis kan aanvaar word dat Ester narratiewe geskiedskrywing is. Dit is 'n ware vertelling van die gebeure in die lewens van Hadássa of Ester (haar Persiese naam wat "ster" beteken), die dapper en skone koningin; Mórdegai, haar neef/aanneempa (vgl. 2:5-7), Ahasvéros (Xerxes), die manipuleerbare Persiese koning en Haman, die bose vyand van die Jode. Soos in Joodse geskiedskrywing gebruiklik is, dra die boek wel 'n sterk teologiese boodskap ten spyte van die feit dat die Naam van God glad nie daarin genoem word nie!

## Skrywer, ontstaantyd, doel en boodskap

Die vrae na die skrywer, ontstaanstyd, doel en boodskap staan in die geval van die boek

Ester nie los van mekaar nie. As vasgestel kan word wie die skrywer is, is die ontstaanstyd van die boek immers beperk tot sy leeftyd. Die boek Ester is waarskynlik geskryf tydens of kort ná die gebeure wat in die boek beskryf word. Die skrywer bly anoniem, maar beskik oor inligting wat 'n latere datering onwaarskynlik maak. Ester 10:2 veronderstel dat die skrywer byvoorbeeld toegang tot die amptelike hofrekords van die Medo-Persiese Ryk moes hê. Verdere interne getuienis dui op die skrywer se kennis van hoe die Persiese koninklike hof werk. Die skrywer beskik natuurlik oor inligting wat net Ester en Mórdegai sou weet, soos die inhoud van hul privaat gesprekke. Op grond hiervan en die verwysing na Mórdegai se briewe aan die Jode (vgl. 9:20), is die moontlikheid groot dat Mórdegai self, of ten minste iemand wat die inligting van hom of Ester kon verneem, die skrywer is.

As Mórdegai, iemand na aan hom, of Ester die skrywer is, beperk dit ook die tyd waarin die boek kon ontstaan tot hul leeftyd en meer spesifiek tot die tyd waarin hulle rolspelers in die Persiese Ryk was. Koning Ahasvéros word algemeen geïdentifiseer as Xerxes I wat tussen 486-465 v.C. regeer het. Vir breër konteks kan na 'n kort tydlyn gekyk word wat die voor- en nágebeure in die boek Ester uitwys:

- In 586 v.C. word die tempel in Jerusalem deur die Babiloniërs verwoes en hulle voer die Suidryk in ballingskap weg. (Daniël en sy vriende is onder die ballinge.)
- Die Medo-Persiese Ryk verslaan die Babiloniërs en koning Kores laat die Jode toe om in 538 v.C. na hul land terug te keer.
- Koning Darius I neem by Kores oor en regeer van 520-486 v.C.
- Xerxes I (Ahasvéros van Ester) neem by Darius I oor en regeer van 486-464 v.C.
- Artaxerxes (Artasasta, seun van Ahasvéros) regeer van 464-423 v.C.
- Esra/Nehemía keer onder hom saam met Joodse ballinge terug na Israel.

**Die doel van die boek Ester is om daarop te wys dat God se verlossing nie altyd deur ooglopende, bonatuurlike wonderwerke geskied nie. Gebeure wat deur ongelowiges as die noodlot of toeval gesien word, is die beskikking van God wat sy verlossingsplan uitvoer.**

## Struktuur

Wat die struktuur betref, kan die boek Ester soos volg uiteengesit word:

- Ester se opkoms (1-2)
- Mórdegai weier om voor Haman te buig
  - Haman is woedend; Mórdegai in gevaar (3:1-6)
  - Ahasvéros se bevel; Jode in gevaar (3:7-15)
- Plan vir redding; Ester in gevaar (4-5)
- Ester se eerste banket
  - Ahasvéros is slapeloos en onthou Mórdegai (6:1-5)
  - Haman verneder; Mórdegai vereer (6:6-13)
- Ester se tweede banket
  - Ahasvéros se woede; Haman veroordeel (7)
  - Ahasvéros se bevel: Israel mag hulself verdedig (8)
- Israel se vyande word vernietig (9:1-19)
- Purim gedenk (9:20-32)
- Die stand van Mórdegai (10:1-3)

Die hoofsake in die boek Ester is die verlossing van God se volk en die Purimfees wat in Ester 9:18-32 ingestel word. Die woord "purim" is die meervoud vir *pur*, wat "lot" beteken (vgl. Est. 3:7; 9:24, 26). Die fees word tot vandag toe nog deur Jode gevier as herdenking van die verlossing wat deur Ester teweeggebring is. Die fees vier die feit dat wat ongelowiges as die noodlot of toeval mag sien, in werklikheid die beskikking van God is. Die feit dat Hy minder direk werk as wat die volk gewoond is, beteken nie dat Hy minder beheer gehad het nie!

Die behoud van die Jode deur hierdie gebeure is natuurlik van heilshistoriese belang. Dit is die behoud van God se openbaringsvolk, die volk waardeur Hy Homself aan al die volke openbaar en waaruit Jesus Christus as hoogtepunt van hierdie openbaring gebore moes word. Verder begin God op hierdie stadium van die verlossingsgeskiedenis doelbewus meer indirek werk deur die geloof en optrede van sy dienaars, en selfs deur die ongeloof en kwaadwilligheid van hul vyande. Tot hier toe het God dikwels aktief en direk gewerk en gelei. Hy begin egter sy volk voorberei vir 'n tyd waarin Hy nie noodwendig met wondertekens sigbaar sal regeer nie. Sy volk moet sien dat God ook deur die normale verloop van die lewe sy raadsplan uitvoer.

1. Leraar van die AP Kerk Oranía.



# Christosentriese temas in die boek Ester

**Prof. Koos Adendorff[1]**

**Martin Luther het nie baie van die boek Ester gehou nie. Trouens, hy het gedink dit hoort nie in die Bybel nie! Dit was vir sy smaak te veel Joods en het te veel "heidense onbehoorlikhede" bevat. 'n Groot probleem is natuurlik dat God se Naam nie in die boek genoem word nie. Ons stem nie saam met Luther nie, maar hy stel wel 'n belangrike vraag aan die orde: Watter betekenis het die boek vir ons as Christene? Anders gestel: Hoe wys die boek Ester heen na Christus?**

## Teen die agtergrond van 'n eeueoue stryd

'n Ou vyandskap het sy kop in die boek Ester uitgesteek. Dit het só gebeur: In Susan, die hoofstad van die Persiese Ryk, is 'n bevelskrif uitgevaardig waarvolgens al die Jode wat in elke provinsie van die Persiese Ryk gevind word, uitgewis moes word. Dit was die kulminasie van die haat van een man teenoor 'n ander. Die eersugtige Haman, 'n hoë amptenaar in die Persiese Ryk, was woedend omdat 'n Jood met die naam Mórdegai geweier het om voor hom te buig. As gevolg van sy haat vir Mórdegai het Haman koning Ahasvéros omgepraat om 'n wet uit te vaardig wat bepaal dat al die Jode omgebring moet word. Ons kan dit goed verstaan as die Jode in sak en as oor hierdie besluit verkeer het. Met die herinnering aan die ballingskap nog skerp in hul geheue kon hulle seker gevoel het dat God hulle nou aan hulleself oorgelaat het, Hom van hulle onttrek het en hulle aan hul vyande uitgelewer het.

Daar is egter 'n geskiedenis agter hierdie vyandigheid van Haman teenoor die Jode. Haman was volgens Ester 3:1 'n *Agagiet*, 'n nakomeling van die Amalekitiese koning Agag. Die Amalekiete was geswore vyande van die Jode. Hierdie vyandskap het sy oorsprong in gebeure wat tydens die uittog plaasgevind het. Terwyl Israel op hul tog na die Beloofde Land was, het Ámalek Israel op verraderlike wyse by Ráfidim aangeval (vgl. Ex. 17:8). Daardeur het hulle hul as 'n anti-Goddelike volk bewys wat God se verlossingsplan in die wiele wou ry. Israel het met die Here se hulp die Amalekiete verslaan, waarna Moses die geïnspireerde woorde geuiter het: *Oorlog het die Here teen Ámalek van geslag tot geslag* (Ex. 17:16).

Die intrige in die boek Ester verdiep wanneer ons Mórdegai se geslagsregister lees. Hy was *die seun van Jaïr, die seun van Símeï, die seun van Kis, 'n Benjaminiet* (Est. 2:5). Die skrywer van Ester lê dus 'n duidelike verband tussen Mórdegai en Saul, die eerste koning van Israel. Saul was ook 'n Benjaminiet. Sy vader was Kis en Símeï was *uit die geslag van die huis van Saul* (2 Sam. 16:5). Saul het in 1 Samuel 15:3 die opdrag gekry om die Amalekiete te verslaan en hulle met die banvloek te tref. Saul het egter gesondig en, teen die opdrag van die Here in, die Amalekitiese koning Agag se lewe gespaar (vgl. 1 Sam. 15:9). Dit het Samuel genoop om Agag uiteindelik self te dood (vgl. 1 Sam. 15:33).

**Teen die agtergrond van hierdie jare lange stryd tussen Israel en Ámalek verstaan ons die vyandigheid tussen Haman en Mórdegai. Ons sien ook die dieper dimensie van die stryd: Dit is 'n belangrike episode in die eeue lange stryd tussen God en die anti-Goddelike magte.**

## Goddelike beskikking

Die anti-Goddelike magte sou egter nie slaag nie. Daar was Jode in Susan wat vertrou het dat God sal help, waarvan Mórdegai een was. Hy was 'n instrument om Ester in 'n invloedryke posisie in die koninklike paleis te kry. Rondom hom was 'n skare Jode wat later saam met Ester gevas het voordat sy na die koning

gegaan het om vir haar volk in te tree. Hul vertroue was nie tevergeefs nie. Voordat hulle nog gevra het, het God reeds geantwoord. Hy is immers die troue Verbondsgod wat nooit die werke van sy hande laat vaar nie. Hy het sy volk nie aan hulleself oorgelaat nie, inteendeel, Hy het vooruit al hierdie aanslag teen sy volk gesien. Daarom kon Hy ook vooruit teenmaatreëls tref. In die paleis van die koning, waaruit die onheil gekom het, vind ons Ester, die Joodse meisie wat koningin word.

Dit was nie toeval nie dat koning Ahasvéros aan die begin van die boek ’n wynparty gee waartydens hy in sy dronkenskap koningin Vasti dwing om voor hom en sy vorste te paradeer. Dit was ook nie ’n gril van die noodlot nie dat Vasti weier en so haar koninklike posisie kwyt is. Daar was ook geen toeval aan verbonde nie dat Ester uit al die skoonhede tot koningin gekies word. Toeval bestaan nie in gelowiges se woordeskat nie. In alles moet die handeling van die Almagtige gesien word wat dinge so bestier dat Ester in die paleis haar plek moes kry. Daar, in die brandpunt van onheil, moes sy as instrument in die hand van die HERE dien om tot haar volk se redding te kom.

Reeds voor daar dus sprake van ’n aanval op sy volk was, het die HERE reeds die gevegsterrein voorberei en so die grondslag van die oorwinning gelê. Hy het alles veilig in sy hande gehad. Dít was die vertroostende boodskap vir die volk: Hy regeer! Dít was die boodskap waaraan die volk in die eeue wat sou kom, moes vashou, ook en veral wanneer hulle die Purimfees gevier het: God regeer! Dit is juis die boodskap wat vandag nog vanuit hierdie boek tot ons spreek: Die Here regeer en niemand kan die regeermag uit sy hande ruk nie. Hy beskik die geskiedenis tot die beswil van sy volk.

## Christologiese ontvouing

Ons vind in die boek Ester nie slegs die verhaal van ’n Goddelike bestiering waardeur ’n weergalose misdryf teen ’n hele volk verydel is nie. Ons ontdek ook ’n boodskap wat ten nouste met ons verlossing in Christus verband hou. Gebeure in Susan het immers die voortgang van God se verlossingsplan bedreig. Dit gaan in dié stuk geskiedenis nie net oor die voortbestaan van die Joodse volk as sodanig nie. Dit gaan ten diepste om die bewaring van die Jode as die heilige saad waaruit die Christus gebore sou word. Eenvoudig gestel: Die bedreiging teen die Jode het die koms van Christus op die spel geplaas. Deur die optrede van Mórdegai en Ester as instrumente in God se hand, is die bedreiging die hoof gebied. Daarom is hierdie nie maar net nog ’n tafereel uit die groot stryd tussen die lig en die duisternis nie, maar vorm ’n onderafdeling van die voorbereiding vir die koms van die Messias.


Toe die volheid van die tyd gekom het, toe alles gereed was, het God sy Seun gestuur, gebore uit ’n vrou, beklee met die menslike natuur, om die stryd teen Satan aan te knoop. Aan die kruis is die beslissende slag gelewer en die anti-Goddelike magte deurslaggewend verslaan.

Luther was verkeerd: Die boek Ester hoort in die Bybel. Dit het ’n ryk boodskap vir Christene: God het langs die kronkelende gang van die geskiedenis deurgaans gesorg dat die pad na die Verlosser oop bly. Al hoor ons nie sy Naam in die boek Ester nie, sien ons duidelik sy hand in die geskiedenis wat dit beskryf. En dié geskiedenis getuig met forse stem: Niks kon (en kan!) sy verlossingsplan verydel nie.

---

1. Leraar van die AP Kerk Pretoria-Oos en hoogleraar in Ou Testament by die AP Akademie.





# Ester: 'n Boek vir ons dag!

**Prof. Johan Bosman**[1]

**Indien 'n mens behoorlik Bybelstudie van die boek Ester doen en jy stap oor die brug van tyd, taal, sosio-ekonomiese omstandighede (ons sou dit ook die brug van beskawingsgeskiedenis kon noem), ontstaan die vraag: Praat die boek Ester dan nog wel met ons in ons tyd en omstandighede? Vir seker!**

## God

Skynbaar is God afwesig in die boek Ester. Presies net so antwoord ons dag. Daar word al sonder skroom oor die niebestaan van God geskryf, lesings gehou en in die media geskinder. Selfs kerkmense beleef en ervaar nie God se nabyheid en teenwoordigheid nie. Vir vele "voel" Hy eenvoudig net nie daar nie. Jy is op jouself, jou eie gedagtes, planne en insigte aangewese. Midde bestaanskrisisse neem erediensbywoning af, preke spreek nie meer aan nie, vervreemding teenoor God, kerk en geloof tree in en ons praat van sekularisasie. Ester spreek tot ons dag, maar dan wel soos die gewaardeerde Skrifverklaarder, Matthew Henry, aan ons uitwys: Die Naam van God kom weliswaar nie in Ester voor nie, maar sy vinger beslis, wat alle gebeure so beskik dat God se mense, en selfs niegelowiges teen hul sin, wel van sy verlossing uit benarde omstandighede moet getuig.

## Manlikheid

Sommer al in die eerste hoofstuk word die ernstige vraag na manlikheid op die tafel geplaas. Is dit reg vir manne om so te domineer? Is die man baas, sy woord wet – die "onherroeplike" wet van Mede en Perse? Wie dit waag om op hierdie punt vroom te raak, sal gou in die bek geruk word oor hoe daar by alle pogings tot regstellende aksie nog veel te wense oorbly. Die afgelope Vrouedag, op 9 Augustus, was dit weer aan die orde. Joyce G Baldwin (1921-1995), 'n vroulike teoloog, wys egter daarop dat ons Ester op hierdie punt goed moet lees. Die vertelling is nie besig om sulke manne-optredes te ondersteun nie. Presies die teendeel. Deur uitspattigheid vir ons so kleurvol uit te lig, spreek van 'n ondertoon van oordeel: Dit is beslis verkeerd in die oë van die Here.

## Die waarde van 'n vrou

Hoog op die sakelys van frustrasies in ons dag is die waarde van vroue en vrouwees. Die verskynsel "feminisme" is wakker geroep. Soos 'n orkaan/tornado wreek die woede daarvan tans op die gesinslewe. Vroueregte en -gelykheid plaas vroue op die voorpunt van markpleingebeure. Die woede word sodanig deur vroue wat onwaardig voel, beleef dat Nancy Pearcey (professor by Houston Christelike Universiteit) al praat van 'n toksiese oorlog wat in ons dag teen manlikheid gevoer word. Karen H Jobes, 'n toonaangewende Skrifverklaarder van ons dag, waarsku egter daarteen om die boek Ester deur die lens van die ideologieë van ons tyd, met name feminisme, bevrydingsteologie en genderbewegings, te lees. Getrou aan die Bybelteks is dit net eerlik om te erken dat die verteller vir Vasti en Ester in 'n veel beter lig beskryf as vir koning Ahasvéros (Xerxes) en die manne van sy hofhouding.

## Egskeiding

Hoewel die vertelling oor Vasti aan die begin van die boek Ester slegs tot 'n tegniek gereken kan word om konteks te gee aan die optrede van koningin Ester, ontvang ons daardeur wel deeglik rede om stil te staan by die gemak waarmee egskeiding en hertrou plaasvind. Die kwessie is brandend-aktueel in ons dag. Natuurlik gaan dit in die boek Ester oor die destydse kultuur en die politiek van daardie dag. Nogtans neem dit nie weg dat die gemak van egskeiding jou opval nie. Trouens, die verskynsel

"harem" laat 'n mens boonop dieper nadink oor seksuele verhoudings binne en buite die huwelik tussen één man en één vrou. Wat is God se norm vir die huwelik? Statistiek Suid-Afrika stel deesdae die vraag of Suid-Afrikaners (oor die volksgrense heen) nog aan die huwelik glo? Huweliksluiting is besig om af te neem. Boonop trou manne en vroue vir die eerste keer in hul lewens eers veel later: manne gemiddeld op die ouderdom van 37 en vroue op 33. Ondertussen word daar lustig saamgeslaap en rondgeslaap. Wat is besig om van die gesin te word? Die boek Ester beskryf die gemak van egskeiding en vele slaapmaats binne die konteks van die heidendom.

## Volksmoord

Volksmoord is seker die grootste saak waarmee die boek Ester ons konfronteer. Die opbou van spanning, die klimaks en ontknoping van die vertelling handel daaroor. Natuurlik gaan dit hier spesifiek oor God se verbondsvolk – in die boek "Jode" genoem. Kostelik wys Henrietta Mears (1890-1963), een van die mees invloedryke Sondagskoolonderwysers van die 20ste eeu, op die twee pragtige dames van die Ou Testament wat kop en skouers bo andere uitstaan. Rut by Boas, het die voorouer van die Verlosser van Israel geword. Koningin Ester tree in diens van die verlossing van haar volk sodat daardie Verlosser gebore mag word. Dit is beslis waar. Tog word die kwessie van volksmoord in Ester vir ons in die alledaagse van die sekulêre beskryf. Daarom dat 'n mens die kwessie van volksmoord nie ligweg moet vergeestelik nie. Volksmoord word sonder twyfel steeds in ons dag bedink én vind ook wel plaas. Daar bestaan ernstige kommer oor die stelselmatige uitmoor van Afrikaners, veral boere op plase, wat in Suid-Afrika besig is om plaas te vind. Daar is egter veel minder kommer oor die "selfmoord van 'n nasie" wat besig is om plaas te vind – deur aborsies, voorbehoeding en die onwil om kinders te kry. Teen 1,6 kinders per vrugbare vrou is die Afrikanervolk nie net besig om te vergrys nie, nie net besig om uit te sterf nie, maar volksmoord is besig om op groot skaal plaas te vind!

## Roeping

Ester 4:14 verwoord die saak van roeping treffend:

> *... wie weet of jy nie met die oog op 'n tyd soos hierdie tot die koninklike waardigheid geraak het nie?*

In hierdie vraag word die teologiese hoogtepunt van die boek gevind. Hoewel gerig aan koningin Ester, reflekteer dit ook op Mórdegai wat nie so hooggeplaas was nie en dit tog as sy roeping ervaar het om by al die risiko's, die koningin op te soek. Hooggeplaas of Jan Alleman – roeping is vir elkeen aktueel, onontwykbaar. Veral leersaam is die feit dat in donker tye van neerslagtigheid en lewensbedreiging geleef kan word asof die tye nie werklik so ernstig is nie. Ook is dit moontlik om vóórtydig boedel oor te gee, asof daar geen salf meer aan te smeer is nie. Die vraag sluit in sy konteks beslis "toeval" uit. Elkeen van ons het rede tot eerlike selfondersoek. Die kerk is in 'n haglike toestand. Ongeloof en afvalligheid vind inderdaad hand oor hand plaas. Kom dit by die Afrikanervolk, sterf ons tans teen 'n tempo van ongeveer 24% per geslag uit. Met reg mag elkeen van ons deeglik oorweeg en besin: Hoekom is ek gebore? Is ék nie juis doelbewus en spesifiek vir hierdie tyd gebore sodat die nodige verandering kan plaasvind nie? Eintlik wil Mórdegai sê: "Vir seker, is jy! Skrik wakker. Wees gehoorsaam." In die konteks van die Skrifopenbaring kan 'n mens nog verder gaan deur dit so te verwoord, naamlik: "Jy is beslis vir hierdie tyd gebore. Wat dink jy? God is in beheer! Net mooi niks vind buite sy raad plaas nie."

## Laaste gedagtes

Wie oor die verstaansbrug geloop het en by die boek Ester stilstaan met die oog op ons tyd en omstandighede, ontvang beslis ryke stof tot nadenke. Daar is heelwat en veel meer as wat hier aangeraak kon word. Jou geloofsgroei is beslis gewaarborg. Nie net gaan jy meer van jouself leer nie. 'n Mens mag in die boek Ester ontdek dat die Here Jesus Christus vir jou intree. Hy is ons Advokaat. Soos iemand op 'n keer gesê het: "In die boek Ester kan jy die romanse van God se voorsienigheid verwag." God is betrokke by net mooi alle lewensgebeure. Hy is mos ons Vader wat in die hemel is, wat in Christus Jesus, deur die kragtige werking van die Heilige Gees, op die mees intieme wyse, en dikwels op die mees onverwagse oomblikke en plekke, uitkoms bewerk.

---

1. Hoof van die departement Diakoniologie en Missiologie by die AP Akademie.



# Verskille tussen die Hebreeuse en Griekse weergawes van die boek Ester

**Prof. Gerrit Smit**[1]

**Dwarsdeur die kerkgeskiedenis was daar twee bekende weergawes van die boek Ester in gebruik. Die een is die weergawe waarmee óns baie bekend is, naamlik die Hebreeuse weergawe (Masoretiese teks), wat in Bybelvertalings in Protestantse kringe voorkom en wat die oorspronklike weergawe van Ester verteenwoordig. Die ander een is die Griekse weergawe (Septuagint-teks) wat vroeg reeds as teks onder die Jode ná die ballingskap voorgekom het en wat ook deur baie gelowiges deur die eeue heen gelees is.**

## Verskil in inhoud

Die Griekse teks van die boek Ester verskil in 'n aantal opsigte van die Hebreeuse weergawe van dieselfde verhaal. Die opvallendste verskil is die Griekse weergawe se byvoeging van ses dele wat nie in die Hebreeuse teks voorkom nie. Dit sluit in: die verhaal van 'n droom wat Mórdegai gehad het (1:1$^{a-r}$) en die uitleg daarvan (10:3$^{a-l}$); twee koninklike briewe in die vorm van edikte/koninklike bevele (3:13$^{a-g}$; 8:12$^{a-x}$); gebede van Mórdegai en Ester (4:17$^{a-i}$ en 4:17$^{k-z}$) en die verhaal van Ester se onaangekondigde besoek aan Artaxerxes (die Griekse naam vir Ahasvéros; 5:1$^{a-f}$).

## Verskil in die gebruik van God se Naam

'n Tweede groot verskil met die Hebreeuse teks lê in die toevoeging van 'n teologiese element in die verhaal. In die Hebreeuse weergawe van Ester verskyn God se Naam glad nie, ten minste nie eksplisiet nie, terwyl sy Naam in die Griekse teks oral voorkom. Hierdie "teologiese element", met die tema: "God gee om vir sy volk", is baie opvallend in die toevoegings wat in die Septuagint-teks gevind word.

Dit is nogal 'n goeie vraag waarom 'n Bybelboek soos Ester, wat ongetwyfeld handel oor die voorsienigheid van God in tye van beproewing en hoe Hy vir sy volk sorg, in die Hebreeuse weergawe nie sy Naam bevat nie? Daar is diegene wat meen dat Ester as een van die wysheidsgeskrifte van die Ou Testament saam met Spreuke, Hooglied, Prediker en Job gelees moet word. Ester bevat dus nie die Naam van God nie omdat hierdie Joodse wysheidsgeskrifte oor die algemeen nie baie verwysings na sy Naam het nie. Ons staan net vir 'n oomblik hierby stil, want in die Hebreeuse teks van Hooglied kom God se Naam ook nie voor nie. Daar is wel een verwysing na sy Naam in Hooglied 8:6 (1953-vertaling) waar staan:

> *Dra my soos 'n seëlring op u hart, soos 'n seëlring op u arm; want liefde is sterk soos die dood, die liefdes-ywer is hard soos die doderyk, sy gloed is 'n gloed van vuur, 'n vlam van die Here.*

Hierteenoor vertaal die King James-vertaling die Hebreeus wel direk en soos volg:

> *Set me as a seal upon thine heart, as a seal upon thine arm: for love is strong as death; jealousy is cruel as the grave: the coals thereof are coals of fire, which hath a most vehement flame.*

By die tekskritiese opmerkings van die Hebreeuse Bybel (die Biblia Hebraica Stuttgartensia) is 'n opmerking dat die teks gelees moet word as: *šhalhebot-Jach*, wat vertaal kan word met "'n vlam van Jahwe" (die HERE). Die Nederlandse Statevertaling se teks, asook die tekskritiese opmerking in die Hebreeuse Bybel, is dus in die 1953-vertaling gevolg sodat God se Naam wel een maal in die Afrikaanse vertaling van Hooglied voorkom, ten spyte daarvan dat sy Naam nie in die Hebreeuse teks staan nie. Tog sou geen gelowige twyfel dat God die een is wat die liefde tussen 'n man en vrou aanwakker nie. In dieselfde sin kan Ester ook nie

anders gelees word as ’n verhaal van God se betrokkenheid in die geskiedenis van sy volk in die Ou Testament nie, al kom sy Naam nie in die Hebreeuse teks voor nie.

### Verskil in datering

Daar is nie vandag eenstemmigheid oor presies wanneer die boek Ester geskryf is nie. Sommige reken dat die Septuagint-weergawe ’n duideliker idee gee van die tydperk waarin die gebeure afgespeel het. Die boek word gewoonlik geplaas rondom die tydperk van die einde van die Persiese Ryk en die begin van die Griekse Ryk (4de tot 3de eeu v.C.). ’n Interessante toevoeging tot die Septuagint-teks is die slot van die boek wat meer direkte inligting gee oor die tydperk waarin Ester afspeel, te wete aan die begin van die regeringstyd van Ptolemeus en Cleopatra. In Ester 10:3[l] van die Septuagint-weergawe lees ons die volgende:

> *Tydens die vierde regeringsjaar van Ptolemeus en Cleopatra het Dositeus, wat gesê het dat hy ’n priester en Leviet was, en sy seun Ptolemeus die voorafgaande brief oor die Purim onder die aandag gebring. Hulle het gesê dat dit eg was en dat Lisimagus, die seun van Ptolemeus, ’n inwoner van Jerusalem, dit vertaal het* (2020-vertaling met deuterokanonieke boeke).

Hierdie Ptolemeus is waarskynlik Ptolemeus VIII wat oor die Grieksprekende wêreld regeer het rondom die tydperk 114 v.C. Die Griekse weergawe van Ester sinspeel dus dat die gebeure later plaasgevind het as wat in die Hebreeuse teks bedoel word.

Dit sou nie die inhoud van die boek veel beïnvloed as ons nie die presiese datum kon vasstel nie. Dit blyk egter dat die vroeër datum (4de tot 3de eeu v.C.) volgens die Hebreeuse weergawe van Ester meer pas in die omstandighede waarin die Joodse volk hulle onder die regeringstyd van die Persiese Ryk bevind het, en nie in die tyd van die Griekse bewind nie.

### Verskil in hoof- en bykarakters

Volgens die Hebreeuse weergawe van die boek is Ester die hoofkarakter en ander karakters, soos Mórdegai, Haman, Vasti en Ahasvéros word net terloops genoem, of hulle vertolk die rol van by- of newekarakters. In die Septuagint-weergawe is God egter die Hoofkarakter en al die ander persone in die verhaal, insluitend Ester, vertolk die rol van bykarakters.

Die twee belangrike persone in die boek, naamlik Ester en Mórdegai, word aan die hand van God se regstreekse handelinge in hul omstandighede geskets. Ons kan byvoorbeeld let op die byvoeging in die Septuagint-teks van die droom wat Mórdegai gehad het: Twee groot drake is gereed om te veg en by die aanhoor van hul gebrul, maak al die nasies gereed om die volk van God te vernietig. Toe roep God se volk Hom aan en God beskik ’n klein waterstroompie wat ’n magtige rivier word wat die drake en die nasies verslind en God se volk verlos. Die droom word voorgehou as God se waarskuwing aan Mórdegai en Ester om op hul hoede te wees vir die bose planne van dié wat God en sy volk haat.

Beide Mórdegai en Ester betrek God die hele tyd by hul optrede en besluite, soos blyk uit die gebede van Mórdegai (4:17[a-i]) en Ester (4:17[k-z]). Kyk byvoorbeeld na die gebed van Mórdegai in Ester 4:17[b]:

> *Here, Here, Koning wat oor alles heers! Die ganse skepping is in u mag en daar is niemand wat U kan teenstaan wanneer U Israel wil red nie,* en ook na dié van Ester in 4:17[l]: *My Here, ons Koning, U is die enigste Een. Help my waar ek alleen is en geen hulp behalwe U het nie, want ek onderneem ’n waagstuk* (2020-vertaling met deuterokanonieke boeke).

### Samevatting

Die boek Ester laat ons sien dat verlossing nie deur mense bewerk word nie, maar dat dit inderwaarheid slegs die ontplooiing van God se raadsplan is. Dit is Hy wat nasies plant en uitroei soos Hy wil, wat konings aanstel en van die troon afstoot volgens sy wil en wat sy kinders bewaar, ten spyte van die hel se woede. Die Griekse Septuagint-weergawe van Ester gee vir ons ’n baie duidelike indruk Wie die handelende Persoon in die geskiedenis van die mensdom is, terwyl hierdie heilsfeit in die Hebreeuse weergawe bedoel, maar nie letterlik uitgespel word nie.

---

1. Leraar van die AP Kerk Wonderboom en rektor en visekanselier van die AP Akademie.



# Joodse interpretasie van die boek Ester

**Ds. Wimpi Burger**[1]

**Die Hebreeuse Ou Testament (*Tanakh*) is in drie dele verdeel: die Wet (*Torah*), Profete (*Nevi'im*) en Geskrifte (*Ketuvim*). Dit verskil van die Griekse vertaling (Septuagint) se volgorde soos dit in ons Bybels voorkom.[2] Ester is deel van die geskiedenisboeke of geskrifte. Die Jode deel Ester by die feesrolle (*Megillot*) in, wat uit vyf boeke bestaan.**

Tydens hul feeste lees die Jode uit Hooglied by die pasga om God se liefde vir Israel te herdenk, uit Rut tydens die pinksterfees, uit Klaagliedere tydens die fees van die tempelwyding, uit Prediker by die huttefees, en uit Ester by die Purimfees.[3]

Die Jode verskil van mekaar oor die gewig wat hulle aan die boek gee. Sommige glo dat Ester 'n kombinasie van historiese gebeure en fiksie is.[4] Adele Berlin meen Ester is geskryf om aan die Purimfees gesag te verleen. Sy glo dat die boek as 'n komedie gelees moet word wat aansluit by al die lawwe verspotheid waarmee die Jode die Purimfees vier.[5] Volgens haar bevorder die ernstige kant van die boek die banneling-Jode se identiteit en solidariteit ná die ballingskap, maar ook vir alle Jode wat anti-Semitisme ervaar. Die boodskap is dat die goeie die bose oorwin. Die uitspattigheid van die fees is dan 'n tipe sielkundige uiting ná die gevaar wat afgeweer is.[6] Die Jode beskou die *Tanakh* as God se openbaring. Hul geleerdes probeer daarom om moontlike teenstrydighede te verduidelik of reg te stel (bv. die apokriewe toevoegings tot Ester).[7] Sommige moderne Joodse geleerdes lees die teks meer krities, maar probeer tog om God se stem in die teks te hoor.

## Vier verklaringsmetodes

Daar is veral vier metodes wat gebruik word om die Tanakh te verklaar, waarvoor die akroniem *PaRDeS* gebruik word. Die *Pa* staan vir *Pesjat*, die *R* vir *Remek*, die *De* vir *Derasj* en die *S* vir *Sod*. Die idee is dat die verskillende metodes mekaar komplementeer en nie uitsluit nie – een is nie meer reg as 'n ander nie. Verskillende perspektiewe van dieselfde teks is aanvaarbaar.[8]

***Pesjat*** probeer die teks eenvoudig verstaan soos dit daar staan. Daar word gekyk na die betekenis van woorde, grammatika, sintaksis, konteks, die Semitiese tale, argeologie en die geskiedenis.

***Remek*** is 'n allegoriese of simboliese lees van die teks. Dit lê 'n verband tussen die teks en abstrakte idees. Die Bybelse karakters en gebeure is simbolies van ander waarhede.

***Derasj*** is 'n verklarende en ondersoekende lees op soek na 'n dieper betekenis in die teks. Uit hierdie manier van lees het die Joodse *Midrasj* ontstaan.

***Sod*** is 'n mistiese lees van die teks. Die teks word gesien as 'n simboliese kode waardeur die leser verskuilde wysheid en 'n persoonlike verbintenis met die goddelike verkry. Die Joodse Kabbala[9] het uit hierdie komplekse simboliese interpretasie van elke letter van die teks ontstaan.

## Interpretasie

Van interpretasie lees ons reeds in 2 Kronieke 13:22 en 24:27. Hier kom die Hebreeuse woord "midrasj" voor, wat ons met "uitleg" vertaal. As vrug van die *Midrasj* het die *Misjna* ontstaan wat die Joodse tradisies in besonderhede beskryf. Voor dit neergeskryf is, is dit mondelings oorgelewer en word in Matthéüs 15:2 en Markus 7:3, 5 die "oorlewering van die ou mense" genoem. Die *Gemara* is 'n kommentaar op die *Misjna* en saam vorm dit die *Talmoed* wat tussen 300 v.C. en 500 n.C.

neergeskryf is. Naas die *Tanakh* is die Talmoed die belangrikste boek van Judaïsme. Daar is 'n Palestynse (Jerusalemse) en Babiloniese Talmoed. Dit bevat voorskrifte (*halaka*) sowel as boodskappe wat op die leser van toepassing is (*haggada*).[10]

Die Misjna het ses ordes waarvan een die feeste (*Mo-ed*) is. Die Feeste-orde bestaan weer uit 12 traktate, waarvan die tiende die boekrol (*Megilla*) is. Dit beskryf die voorskrifte en bepalings oor hoe die boek Ester op die Purimfees gelees moet word. Dit val dus in die kategorie van voorskifte (*halakot*, mv.). Los van die *Misjna* het daar ook vers-vir-vers-kommentare (*Midrasj Rabba*) van elke Bybelboek ontstaan. Hierdie kommentare is verklarings en toepassings (*haggada*) van die teks.

## Verklaringsmetodes in Ester

***Derasj:*** *Ester Rabba* is byvoorbeeld 'n vers-vir-vers-verklaring (midrasj/uitleg) van Ester, wat twee dele bevat. Een deel kom uit die 6de eeu en die tweede uit die 11de eeu.[11] Die eerste deel verklaar Ester 1 en 2 en omdat die Naam van God nie in Ester voorkom nie, lê dit klem op sy beskikking. Die tweede deel verklaar die res van die boek en gebruik verkillende temas, verhale en verklarings wat die leser op sy lewe kan toepas.[12]

'n Ander Joodse verklaring is die 1519 "Uitleg van die Vyf Rolle" (*Midrash Ḥamesh Megillot*). Die Ester-deel bestaan uit verklarings van verskillende rabbi's. 'n Voorbeeld is die verklaring van Ester 2:5, 7 dat Mórdegai in sy tyd net so 'n belangrike man was soos Moses in sy tyd. Soos Moses vir sy volk in die bres gaan staan het (vgl. Ps. 106:23), het Mórdegai ook (vgl. Est. 10:3).[13]

'n Voorbeeld van 'n ***Pesjat-verklaring*** deur Rabbi Hayyim Angel, lui dat die konflik tussen Haman en Mórdegai op die dieper kosmiese oorlog tussen God en die wêreld wys. Die leser word gelei om God eerlik en met vertroue te nader aangesien daar geregtigheid is, al sien ons dit nie.[13]

'n Voorbeeld van 'n ***Remek-lees*** van die teks is dat die mooi meisies vir goeie eienskappe staan. Vasti staan vir die rou natuur in die siel van die mens en Ester vir die verfynde natuur van die mens, terwyl Mórdegai vir die geneigdheid tot die goeie en Haman vir die geneigdheid tot die slegte staan; die boom/paal staan vir die *Torah*.[14]

'n Voorbeeld van 'n ***Sod*-lees** van die teks is dat koningin Ester in die Kabbala beskou kan word as die reïnkarnasie van Eva en Haman van die slang. Mórdegai is die reïnkarnasie van Adam (en Jakob). Ester was bitter teenoor Haman wat haar na sonde gelei het, en "soet" of liefdevol teenoor Mórdegai.[15]

## Die verskil

Vir die Jode bly die boek Ester 'n komiese volksverhaal wat hul volksidenteit en eienaardighede beskryf en hoe hulle hul vyande in moeilike omstandighede oorwin.[16]

Die meer ernstige Christelike perspektief herinner dat God, Wie se teenwoordigheid in Ester versluierd is, hopelose situasies omkeer (vgl. Est. 9:1) – soos die kruis omgekeer word in die leë graf.[17] Ons glo dat die verlossingswerk van Jesus Christus God se verbondsbeloftes aan Israel voleindig (vgl. 2 Kor. 1:20). God se belofte van beskerming vir sy volk teen die dood, word in Jesus Christus gevind. Jesus sê vir sy dissipels: *En omdat Ek altyd lewe, sal julle ook lewe* (Joh. 14:19; ABA). Jesus Christus roep Jood en nie-Jood tot geloof in Hom wat van vernietiging red.[18] ☺

---

1. Leraar van die AP Kerk Krugersdorp (in bedieningsooreekoms met Carletonville).
2. J. Burden & F. Deist, *Kom ons doen Bybelstudie*, (Pretoria: Acacia, 1986), 8.
3. F. Gaum, (red.), *Christelike Kernensiklopedie*, (Wellington: Lux Verbi, 2008), 722.
4. M.Z. Brettler, Marc Zvi, *How to Read the Bible*, (Jewish Publication Society, 2010), 268.
5. Vergelyk dr. Barend Hefer se artikel op bl. 20: "Purimfees: Die lot of God?"
6. A. Berlin & M.Z. Brettler, *The Jewish Study Bible*, (Oxford: Oxford University Press, 2014), 1624-1625.
7. Vergelyk prof. Gerrit Smit se artikel op bl. 16: "Verskille tussen die Hebreeuse en Griekse weergawes van die boek Ester."
8. C. Hupping (red.), *The Jewish Bible*, (Philadelphia: Jewish Publication Society, 2010), 107.
9. Geheime Joodse leer en mistiek in die Middeleeue.
10. W.H. Gispen, (et .al.), *Bybelse ensiklopedie.* Vol 2., (Kaapstad: Verenigde Protestantse Uitgewers, 1977), 394, 455.
11. Aangehaal uit: https://bit.ly/3A2U2cH Toegang: 4/10/2024.
12. Aangehaal uit: https://bit.ly/3U8fDHK Toegang: 4/10/2024.
13. Aangehaal uit: https://bit.ly/3U9fpzW Toegang: 4/10/2024.
14. Afgelaai by: https://bit.ly/3BGGCUb Toegang: 4/10/2024.
15. Afgelaai by: https://bit.ly/4f3j3Ds Toegang: 4/10/2024.
16. Afgelaai by: https://bit.ly/4f4EnZk Toegang: 4/10/2024.
17. A. Berlin, "The book of Esther: Writing a Commentary for a Jewish Audience," in S.W. Crawford & L.J. Greenspoon, *The Book of Esther in Modern Research,* (New York: T&T Clark, 2003).
18. D. Reid, Esther: *An Introduction and Commentary (TOTC)*, (Downers Grove: Inter-Varsity Press, 2008), 50.
19. K.H. Jobes, *Esther (NIVAC)*, (Grand Rapids: Zondervan, 1999).



# Purimfees: Die lot of God?

**Dr. Barend Hefer**[1]

**Die Purimfees vind sy oorsprong in die dramatiese toneel van Ester 3:7. Haman, gemotiveer deur sy haat vir Mórdegai, het 'n geskikte datum gesoek waarop hy die Jode kon uitwis. In die maand Nisan[2] het Haman die Pur geraadpleeg (Est. 3:7). Die woord "pur" is afgelei van die Akkadiese woord *pûru*,[3] wat "lot" beteken. Dit het op 13 Adar[4] geval (vgl. Est. 3:7, 14). So is die datum vir ongeveer 12 maande later vasgestel.**

Die vraag kan gevra word: Waarom so lank wag? Die gooi van die pur (of lot) was gesien as die raadpleging van die gode met die doel om 'n plan tot uitvoering te bring.[4] Sou Haman die pur raadpleeg en dan op 'n ander datum besluit, sou dit beteken dat hy sy eie ondergang en mislukking verseël.


Die gooi van die pur (of lot)

## Instelling

Die planne van Haman word bekendgemaak, maar ons hoor ook in Ester 8-9 dat die Jode die volmag kry om hulleself teen hierdie poging tot volksmoord te verdedig. Die resultaat daarvan is dat die Jode as oorwinnaars uittree (vgl. Est. 9:1). Teen hierdie agtergrond word die Purimfees ingestel (vgl. Est. 9:20-28).

## 'n Unieke fees

In hierdie opsig verskil die Purimfees van die ander Joodse feeste en feesdae. As ons dink aan feeste soos die huttefees, pasga, die groot versoendag en ander, dan is al hierdie feeste deur God self ingestel en is wette vir die inrigting daarvan gegee. Die Purimfees is egter anders. Dit word nie deur God ingestel nie, maar deur Mórdegai en Ester (vgl. Est. 9:20-22, 29). Dit neem die vorm van 'n patriotiese eerder as godsdienstige fees aan.[5]

> **Ons hoor ook hierdie patriotiese beklemtoning in Ester 9:22 se verwysing dat die dag gevier moes word *as die dae waarop die Jode rus gekry het van hulle vyande, en die maand wat vir hulle van kommer in vrolikheid en van rou in 'n feesdag verander is ...***

## Inkleding van die fees

Volgens Ester 9:21 moes die Purimfees oor twee dae gevier word, naamlik op 14 en 15 Adar. Die 13de Adar, wat later bekend geword het as "die dag van Mórdegai" (vgl. 2 Makk. 15:36), was 'n vasdag. Lampe is in al die huise aangesteek en daar is na die sinagoge gegaan om na die voorlesing van die boek Ester te luister.[6] Wanneer Haman se naam gelees is, sou almal die voorlesing in die rede val met vloeke wat oor Haman uitgespreek word. Wanneer Mórdegai se naam egter gelees is, was daar lofprysings en handegeklap.[7]

Veertien tot vyftien Adar word gekenmerk deur feesvieringe, etes en die gee van geskenke aan die armes (vgl. Est. 9:22). Volgens die Babiloniese Talmoed, traktaat *Megillah* (1:4, III.5), gaan Rabbi Rava selfs sover as om te sê dat 'n man onder die verpligting is om op die Purim te drink totdat hy nie meer langer die verskil kan uitmaak tussen die vervloekte Haman en die geseënde Mórdegai nie.[8] Vandag het hierdie fees 'n sekulêre fees geword.

## Slotopmerkings


Alhoewel die Purimfees nie deur God self ingestel is nie, beklemtoon die gebeure van die boek Ester en die instelling van die Purimfees die vrymag van God oor sy vyande. Uiteindelik is dit nie die "pur" wat die uitslag verseker nie, maar God. Gelowiges vind juis hierin ook troos. Net soos die voortbestaan van die Joodse volk in die dae van Ester en Mórdegai nie in die hande van mense of die noodlot was nie, so is ons lewens ook nie in die hande van mense of die noodlot nie. Ons lewens en verlossing is veilig in die hande van die almagtige en vrymagtige God deur Christus Jesus, ons Verlosser en Here.

1. Leraar van die Gereformeerde Protestantse Kerk Brakpan en dosent by die AP Akademie.
2. Die eerste maand van die Joodse kalender, ons Maart/April.
3. R. de Vaux, *Ancient Israel, Its Life and Institutions,* (London: Darton, Longman & Toff Ltd, 1962), 516.
4. Adar is die twaalfde maand van die Joodse kalender, ons Februarie/Maart.
5. C. Stam, *Regina Dei Gratia, The History of Queen Esther,* (Canada: Premier Publishing, 1999), 26.
6. Stam, *Regina Dei Gratia*, 90.
7. De Vaux, *Ancient Israel*, 514.
8. Stam, *Regina Dei Gratia*, 90.
9. J. Neusner, *The Babylonian Talmud: A Translation and Commentary,* (Peabody, MA: Hendrickson Publishers, 2011), 182.

**HULDEBLYK:**

# Daniël Gerhardus Behrens

## (31-05-1955 tot 04-09-2024)



**Danie is op 31 Mei 1955 in Pretoria gebore. Hy matrikuleer op Brits en gradueer met BComHons (rekeningkunde) aan die Universiteit van Pretoria. Hy begin sy loopbaan by die destydse YSKOR. In 1977 trou hy met Dora du Toit. Hulle word geseën met twee dogters en vier kleinkinders.**

Op 1 Mei 1999 begin Danie sy loopbaan by die Gemeenskaplike Kerkkantoor, toe nog by Brookshuis in Brookstraat, Brooklyn. Die laaste paar maande was moeilik, want Danie was lief vir praat, maar sy spraak was deur die kanker bemoeilik. Dit het egter nie sy opgeruimdheid en vriendelikheid laat kwyn nie. Sy liggaam was afgetakel deur die bose siekte, maar sy gees was tot die einde toe tot bemoediging en hy het nooit laat blyk dat hy swaarkry nie.

Danie was maar net altyd daar. Hy sou keer op keer, geduldig meer as die ekstra myl loop, soos Sandra Labuschagne van die AP Kerk Barkly-Oos tereg opgemerk het. Hy was saggeaard en standvastig van karakter en akkuraat in sy werk. Hy sou egter graag wou sien dat die samelewing terugkeer na vervloë jare se stelsels en metodes. Hy het 'n kleintjie dood aan die moderne elektroniese apparaat en rekeningkundige stelsels gehad. Maar, met Job se geduld het hy veranderinge verwerk, sinvol deelgeneem en voordelige insette gelewer.

**Danie was 'n meesterbakker. Sy brood en vetkoeke het by elke verjaardaggeleentheid groot aftrek by sy kollegas gekry. Hy het ook baie tyd vir kinders gehad en het graag vir hulle "gedrogvetkoekies" gebak – daardie vetkoekies met die uitsteekvingers.**

Op 4 September 2024 het Danie sy werk by die GKK en in hierdie aardse bestel voltooi. Mag die Here sy geliefdes vertroos. Ons treur met vreugde tot weersiens in die hiernamaals.

**Gys Janse van Rensburg**

## BYBELWOORDBLOK: Die geboorte van Jesus aangekondig (leidrade in Lukas 2:26-38)

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| O | N | M | O | O | N | T | L | I | K | W | A | K | R | A | G | 1 |
| F | C | O | A | 2 | G | Y | C | A | D | C | V | R | O | U | E | |
| 3 | V | U | B | | E | F | B | 4 | | | | | | | V | |
| | E | D | E | | N | W | S | N | K | R | P | Q | T | Y | I | |
| | R | E | T | | A | D | O | N | T | S | T | E | L | D | N | |
| | L | R | E | | D | O | I | F | M | J | B | L | I | W | D | |
| | O | D | K | | E | D | 5 | | | | | | | Z | N | |
| | O | O | E | | E | E | E | G | S | S | R | L | Y | S | I | O |
| | F | M | N | G | E | L | E | I | E | M | T | I | Q | W | W | O |
| | L | J | A | F | I | W | L | W | J | S | Z | A | A | A | K | R |
| | S | N | O | L | N | E | I | G | I | N | T | D | D | N | E | S |
| | E | G | A | S | D | H | J | H | D | G | G | U | Q | G | H | K |
| | S | G | U | M | E | E | D | A | | T | H | W | U | E | U | A |
| | D | S | R | A | A | F | N | | K | D | R | E | O | R | I | D |
| Q | E | D | N | O | M | A | | G | O | O | A | O | I | O | S | U |
| J | A | V | R | E | E | 6 | G | G | E | H | B | G | O | D | R | P |
| 7 | | | | | | T | P | D | C | L | V | G | W | N | N | D |

### SOEKWOORDE

BETEKEN
DAWID
EINDE
ELISABET
ENGEL
EWIGHEID
GALILÉA
GEGROET
GENADE
GESTUUR
GEVIND
GOD
HUIS
JAKOB
JESUS
JOSEF
KRAG
MAAGD
MAAND
MARIA
NAGEDINK
ONMOONTLIK
ONTSTELD
OORSKADU
OUDERDOM
SESDE
STAD
SWANGER
TROON
VERLOOF
VREES
VROUE
WOORD

### VRAE (LUKAS 2:26-38)

OPGESTEL DEUR
DALEEN PIENAAR

(Skryf die antwoorde in die grys blokkies)

Voltooi die volgende:

1. "Die Here is met jou; ________________ is jy onder die vroue." (2:28)
2. "In die sesde maand is die engel ________________ deur God gestuur." (2:26)
3. "Hy sal groot wees en die Seun van die ________________ genoem word." (2:32)
4. "Daarom sal die ________________ wat gebore word, Seun van God genoem word. (2:25)
5. God het 'n engel gestuur "na 'n stad in Galiléa met die naam van ________________." (2:26)
6. "En kyk, jy sal swanger word en 'n ________________ baar.
7. "En Hy sal ________________ wees oor die huis van Jakob." (2:33)

# SMELTOOND

• *November 2024* •

**Deur Charlotte Möller**



## "Hoe die kerk werk, wys hoe ons verstaan wat die kerk is"[1]

Op 2 November 1824, 200 jaar gelede, vergader die eerste sinode op eie bodem. Twaalf van die 14 Kaapse gemeentes is verteenwoordig. Ds. Meent Borcherds, die oudste predikant, hou die openingsrede vanuit Handelinge 26:22.

Met sy koms in 1652 bring Jan van Riebeeck die Christelik-gereformeerde kerktradisie vanuit Nederland na die Kaap. Franse vlugteling-gereformeerdes (Hugenote) immigreer in 1685 na die Kaap en versterk sodoende die geledere van die Protestantse gelowiges.

In 1795 word Nederland deur Frankryk verower. Willem V van Nederland vra Britse hulp om die Kaap teen Frankryk te beskerm. Op 16 September 1795 neem Brittanje die bewind oor en die eerste Britse besetting van die Kaap sou niks goeds vir die Kaapse Kerk inhou nie. Haar band met die moederkerk was verbreek en sy word kneg van Kroonkoloniebestuur.[2] Die Vrede van Amiens maak 'n einde aan die Brits-Franse oorlog en volgens vredesbepalings moes die Kaap aan Nederland teruggegee word. Die probleem was egter dat Frankryk Nederland intussen oorgeneem en die Bataafse Republiek uitgeroep het. In Februarie 1803 kom kommissaris-generaal JA de Mist in die Kaap aan (die begin van die Bataafse bewind) en bring daarmee saam die Franse anti-Christelike rewolusiegees.

In 1804 vaardig De Mist 'n "kerkorde" uit wat onder andere godsdiensvryheid reël. Die Kaapse Kerk bly staatskerk en predikante word deur die staat aangestel en vergoed, en die "kerk moet nou bestaan ter wille van die owerhede en 'n naprater van die staat wees."[3] "De Mist se 'kerkorde' was geen kerkorde in gereformeerd-kerkregtelike sin nie, want dit het geen van die kenmerke ... gedra nie. Dit was wesenlik niks anders as 'n staatswet vir die erkenning van die kerk en die reëling van die interne ... sake van die kerk nie."[4] Die "kerkorde" het voorsiening gemaak vir 'n Algemene Kerkvergadering (art. 46). Die Kaapse kerkraad, in samewerking met die owerheid, moes hierdie vergadering reël. Weens verskeie redes realiseer dit nie.

Intussen het die Brits-Franse oorlog weer opgevlam en omdat Brittanje die seeroete om die Kaap wou beskerm, neem sy in 1806 weer die bewind oor. Volgens die Akte van Kapitulasie (art. 8) sou De Mist se "kerkorde" van krag bly, wat die owerheid des te meer inspraak in kerklike sake gee. Nou was dit egter 'n Britse owerheid wat met 'n Anglikaanse staatskerkagtergrond ver verwyderd van die Nederlandse gereformeerde kerkregering was. Alhoewel kerklike bande met Nederland gesny was, probeer die kerkraad van die Kaapse gemeente nog kontak behou met die Klassis Amsterdam. Ander gemeentes het selfstandig en onafhanklik van mekaar bestaan, want daar was geen amptelike kerkverband nie.

Die gemeentetal groei gedurende die tweede Britse besetting tot 14 gemeentes. "Hierdie groei van die kerk, die diktatoriale toepassing van die 'kerkorde' en die onderdrukking deur die owerheid, het geroep om 'n kerkverband."[5] In 1824 vra drie predikante van die Kaapse gemeente 'n sinode aan (kragtens art. 46 van die "kerkorde") waartoe lord Charles Somerset sonder voorbehoud toestem. Dit word dadelik byeengeroep. "Vir die eerste keer [ná 172 jaar] vergader Afrikaners in 'n eie sinode. Hulle kies teenoor die Britse maghebbers vir die naam *Nederduitse Gereformeerde Kerk*, maar staan steeds onder De Mist se kerkwet wat van die kerk slegs 'n menslike vereniging onder staatsbeheer maak."[6]

Gereformeerde stemme klink op, maar "die Sinode het nie die bevoegdheid om die 'kerkorde' van De Mist, wat 'n staatsordonnansie was, te wysig nie. Die Sinode kon aanvullend, maar nie strydig nie, sekere bepalings vaslê. Die aanvullende bepalings, met goedkeuring van die kommissarisse-politiek, is aanvaar as *De Algemeen Reglement voor het bestuur der Nederduitsche Hervormde Kerk in Suid-Afrika*. Hier vervang *Hervormde* die benaming *Gereformeerde* wat by die konstituering gebruik is. Dit volg omdat die Sinode *Het Algemeen Reglement voor het Bestuur der Hervormde Kerk in het Koningkrijk der Nederlanden, 1816,* as rigsnoer geneem het. Dit was jammer aangesien *Het Algemeen Reglement* in meer as een opsig op bedenklike wyse afgewyk het van die beginsels van die gereformeerde kerkreg. Deur *Het Algemeen Reglement* as rigsnoer te gebruik, op die grondslag van De Mist se 'kerkorde', is kollegialistiese idees [via die aanvaarding van *Het Algemeen Reglement*] die Suid-Afrikaanse kerke ingedra waarvan die gevolge steeds met ons is."[7] 😀

---

1. https://bit.ly/3BQgIO5
2. J. Koen,"Kolonisering van die Kaap," by https://bit.ly/3YyAerj
3. J. Bosman, "Belangrike hoogtepunte uit die kerkgeskiedenis," in *Tussen doop en nagmaal: Graad 10 en 11*, (Pretoria: Lig in Duisternis Uitgewers, 2024), 450.
4. J.L. Schütte, "Vaderlandse kerkgeskiedenis: Eerste Sinode onder tweede Britse bewind," in *Studiegids vir in-diepte studie van kerkgeskiedenis 1800-2000, KGS4182,* 22.
5. Schütte, "Vaderlandse kerkgeskiedenis," 28.
6. Bosman, "Belangrike hoogtepunte uit die kerkgeskiedenis," 451.
7. Schütte, "Vaderlandse kerkgeskiedenis," 29.



# Liturgie in die tyd van die Reformasie

**Ds. Pieter Malan**[1]

Breedweg beskou, strek die Reformasietyd vanaf 1500-1700, met 31 Oktober 1517 as aanvangsdatum toe Martin Luther sy 95 stellings teen kloosterkerk in Wittenberg se houtdeur vasgespyker het. Met die 95 stellings het Luther die Rooms-Katolieke Kerk se aflaatstelsel die stryd aangesê. Dit was nie noodwendig Luther se bedoeling om die Roomse Kerk te verlaat nie, maar sy het nie meer vir Luther plek gehad nie en hom verstoot.

Manne soos Ulrich Zwingli en Martin Bucer het, naas Luther, verdere bydraes tot die Reformasie gelewer. Dit was egter veral Johannes Calvyn wat in dié tyd die gereformeerde tradisie gevorm het. Dié tradisie berus daarop dat die Woord van God sentraal staan. Om hierdie rede is die liturgie tydens die Reformasie aan die hand van die Skrif bepaal en gevorm.

Wat die liturgie van die Reformasie betref, die volgende:

## Liturgiese ruimte

Die goue reël van die gereformeerde tradisie was dat die Woord van God sentraal moet wees. Dit het meegebring dat die preekstoel ten alle koste in die sentrum geplaas is. Die kruisvormige of ronderige geboue het elkeen die preekstoel in die middel gehad en waar dit moontlik was, is balkonne gebou om die aanhoorders nader aan die prediker te bring.

Vir die nagmaal is tafels gebruik wat voor die preekstoel geplaas en gedek is. Die doopvont was in sommige gevalle vas aan die preekstoel, of het andersins ook voor die preekstoel gestaan.

## Doopdiens

Die algemene gebruik om kinders te onderdompel, het met die aanbreek van die Reformasie verdwyn. Van die begin af het die Reformatore die dopeling met die water besprinkel. Dit was 'n tydperk waarin groot klem op wêreldwye sending en kerklike groei geplaas is, met die gevolg dat mense van alle ouderdomme gedoop is.

## Tafeldiens

Vir die Reformatore was die nagmaal 'n gedagtenismaaltyd wat terugwys na die offer wat Jesus aan die kruis gebring het. Dit is in teenstelling met die Roomse siening dat die brood en wyn by die nagmaal Jesus Christus se liggaam en bloed word en Hy sodoende met elke nagmaal weer geoffer word.

Die nagmaal in die Middeleeue het die klem laat val op die persoonlike verlossing van die



*Martin Luther*

gelowige. Daarteenoor het daar gedurende die Reformasietyd 'n geregverdigde klemverskuiwing vanaf die viering van persoonlike verlossing na die viering van die verlossing van die gelowiges plaasgevind. Só is die nagmaal as 'n gemeenskapsmaal beskou waartydens lidmate deel gehad het aan die nagmaalsgebeure, eerder as om net toeskouers te wees.

Volgens Calvyn moes die nagmaal een keer per week gebruik word. Hy het egter groot teenstand in hierdie opsig ervaar. Die gebruik om nagmaal vier keer per jaar te vier, is 'n tradisie wat uit die Middeleeue behoue gebly het.

## Woorddiens

Volgens Calvyn het die Here bepaal dat die erediens rondom drie sake draai: Woordverkondiging, openbare

gebede en die bediening van die sakramente. Uit hierdie drie is die Woordverkondiging die belangrikste. Die evangelie moes ordelik en verstaanbaar in die spreektaal verkondig word. Die tradisie van die kerk moes gedien word, terwyl die prediking nogtans op die daaglikse lewe van die lidmate gerig was.

### Gebede

Die openbare gebede tydens die erediens is deur Calvyn as 'n bevel van God beskou. Hy het gereken dat die gebede in die volgende vorms gebid kon word: gesproke- en gesonge gebede, formulier- en vrye gebede, skuldbelydenis, voorbidding, nagmaals- en dankseggingsgebede.

### Musiek

Die Reformasietyd het groot verandering op die gebied van kerkmusiek gebring. Luther het musiek as een van God se grootste geskenke aan die mens beskou. Hy het 'n hegte band tussen musiek en teologie gesien. Soos hy dit verstaan het, lê musiek die waarhede van die Bybel beter by die mens vas.

In 1538 word Calvyn leraar van 'n gemeente in Straatsburg, waar hy vir die eerste keer met gemeentesang te doen kry. Hy was beïndruk daarmee, maar het gewaarsku dat die melodie nie die woorde van die lied moes oorskadu of verdring nie.

Die slotsom is dat die liturgie in die tyd van die Reformasie Skriftuurlik was. Die Skrif het sentraal gestaan. Sodoende is God vereer en die gemeente geestelik opgebou.

1. Leraar van die AP Kerk Marble Hall.

# TEOLOGIESE DAG 2025

**Amptelike opening van die**
**AP Akademie vir die akademiese jaar:**
Sondag 26 Januarie 2025 om 18:00 by die AP Kerk Pretoria-Oos
(tee en verversings word ná die diens bedien)
Die diens word waargeneem deur prof. Johan Bosman
(Hoof: Departemente Missiologie en Diakoniologie)

**Teologiese dag 2025**
Die jaarlikse Teologiese dag vind DV op Maandag 27 Januarie 2025 vanaf 08:30 by die AP Kerk Grootfontein (Tvl.) plaas

**Die tema vir die teologiese dag is:**
*'n Teologie van produktiwiteit: Bybelse balans tussen werk en rus*
(aangebied deur die Departement Nuwe Testament van die APA)

Die dag se program lyk soos volg:

| | |
|---|---|
| **08:30-09:00** | Registrasie; koffie en beskuit |
| **08:50-09:00** | Samesang |
| **09:00-09:15** | Opening en verwelkoming (prof. Johan Bosman) |
| **09:15-09:45** | 'n Teologie van produktiwiteit: Bybelse begronding (prof. Gerrit Smit) |
| **09:45-10:15** | Die Christelike gawestelsel (dr. Wikus Buys – uitvoerende direkteur van Begrond Insitituut) |
| **10:15-10:30** | Vrae en bespreking (o.l.v. prof. Koos Adendorff) |
| **10:30-11:00** | Koffie/tee en verversings |
| **11:00-11:30** | Produktiwiteit en gereedskap (prof. Gerrit Smit) |
| **11:30-12:15** | Produktiwiteit en die skep van orde in 'n tyd van chaos (dr. Wikus Buys – uitvoerende direkteur van Begrond Insitituut) |
| **12:15-12:30** | Vrae en bespreking (o.l.v. prof. Alwyn Swanepoel) |
| **12:30-13:00** | Organisatoriese gesondheid en produktiwiteit (prof. Gerrit Smit) |
| **13:00:13:15** | Vrae en bespreking |
| **13:15-13:30** | Samevatting en afsluiting (ds. Johan Schütte) |
| **13:30-14:00** | Middagete |

Koste vir die bywoning van die teologiese dag beloop R50 per persoon om 'n gedeelte van die kostes te dek. Ons versoek kerkrade om hul leraars aan te moedig om die geleentheid by te woon. Die teologiese dag word beskou as 'n geleentheid vir verdere teologiese opleiding. Indien moontlik, word kerkrade versoek om die leraar met reiskoste by te staan.

**RSVP teen 17 Januarie 2025 by https://bit.ly/4eSEebH**

AP KERK BRAKRIVIER

## ’n Besoek aan ’n historiese pastorie

Woensdag 4 September het die Kieries van Brakrivier ’n besoek aan die ou pastorie in Groot-Brakrivier gebring. Hierdie dubbelverdiepinghuis getuig van die erkenning en dankbaarheid teenoor die eerste predikante van die NG Kerk langsaan. Die dominees woon lankal nie meer hier nie. Die historiese gebou, die oorspronklike ou pastorie in die middel van Groot-Brakrivier, is liefdevol gerestoureer en verander in ’n lieflike teetuin, eetplek, restaurant en koffiewinkel, kompleet met die oorspronklike kaggel in die ou sitkamer.

Die boonste verdieping het behoue gebly en word deur die eienaars van die teetuin bewoon. Die huis en sy pragtige toebehore is steeds iets om te waardeer. Dit is hier waar die Kieries aangesit het vir ’n laat ontbyt by ses smaakvol gedekte tafels. Ná ete kon veral die vroulike Kieries hul oë laat vonkel oor die mooi geskenke, tuisgebak en snuisterye wat in die vertrekke uitgestal word, of die kuns van plaaslike skilders bewonder wat teen die mure uitgestal word.

Die manne sou hulle kon verlustig in die pragtige tuin met sy hoekies vir bloot sit of aansit vir ’n melkskommel of ’n kampkoffie met kondensmelk in ’n blikbeker, maar die lentewind was koel … Intussen het die polvye oor al die plankvloere van die vertrekke getrippel. Wat ’n heuglike oggend!

Janine du Plessis








BLOEMFONTEIN OORNAGWOONSTEL

• Ruim luukse oornagwoonstel met eg Suid-Afrikaanse gasvryheid • Veilige parkering • Skoon, netjies • Kleur TV • Stil en rustige atmosfeer

Tel: (051) 522-6035 / Sel: 082 726 9959

Oornagverblyf Kroonstad

2 Gemeubileerde kamers met beddegoed
15 kamers met 2 beddens elk en ablusiegeriewe, asook karavaanstaanplekke.
Kan ook groepe van ongeveer 70 persone huisves.
Volledig toegeruste kombuis op aanvraag beskikbaar.
Kontak Annette Kok by 079 768 0525 vir verdere navrae of besprekings.

Kasteelsig Gastehuis

Pretoria

Umgeni straat 366, Erasmuskloof

±1 km vanaf N1-Snelweg / Naby Kloof hospitaal

Vir besprekings skakel/whatsapp Nico: 071 619 9756

AP KERKDASSE

Wit kerkraaddasse @ R120
10 en 20 jaar gedenkdasse ook beskikbaar op navraag

**VIR BESTELLINGS**
kontak Sonja Horn
Tel 015 2988028
Faks 0865305709

e-pos: pietersburg@apk.co.za

Posgeld en verpakking sal bepaal word met bestelling
**Kantoorure**: Maandae tot Vrydae: 08:00 tot 13:00

**AP KERK MOOT-SENTRAAL**

## Vertoning

Op Donderdagoggend 5 September het Johan van Rensburg, Rina (Hugo) en hul seun Riaan by ons kom kuier met 'n vertoning ten bate van die Christelike Seemansorganisasie. Toegang was 'n vrywillige donasie. Ds. Leon Lubbe het die vertoning met Skriflesing en gebed geopen.

Ná die opening is dr. Eleanor Weideman aan die woord gestel. Sy het die gehoor ingelig oor die werksaamhede van die organisasie waarna vrywillige donasies opgeneem is wat R6 620 beloop het. Dr. Eleanor het daarna die gaskunstenaars bekend gestel, wat die vertoning met klavierspel ingelui het. Alhoewel Rina nie meer openbare sangoptredes aanbied nie, het sy die klank behartig en saam met Johan en Riaan klavier gespeel. Riaan het die gehoor met sy grappe, sang en tromspel verras.

Die voorsitter van die Voetspore-aksie, br. Thys Fourie, het die bedankings gedoen waarna srs. Hettie Lubbe en Rina de Wet geskenke aan die gaskunstenaars en dr. Weideman oorhandig het. Ná afloop van die amptelike verrigtinge is verversings bedien en die gaskunstenaars het met die gehoor gekuier en van hul CD's te koop aangebied. Die vertoning was 'n reusesukses en almal het dit terdeë geniet.

Izak Loots



*Riaan, Rina en Johan*





**SUIDKUS – MARGATE**

**Loopafstand van hoofstrand.**
**2 Slaapkamers (slaap 6). See- en branderuitsig vanaf balkon. 2 x onderdakparkering.**

**Skakel Liezl vir tariewe: 082 311 9210 of skakel of sms Thys: 082 921 1922**

**Selfsorgakkommodasie met:**
Saal, herberg, kothuise en kampstaanplekke.
MAJUBA 1881
NUUT: 4x4-baan, bergfiets- en wandelroetes.
Ideaal geleë op die N11, 3 ure vanaf Pretoria.

**Skakel Theuns Snyman by 079 274 7978**

**IS JOU REKENAARBEGROTING BEPERK?**

Ons verkoop opgeknapte ("refurbished") rekenaars, skootrekenaars en bedieners. Alle opgeknapte rekenaars het 'n waarborg vir een jaar. Ons koerier landswyd!

**Kontak Pieter by 083 214 3521 of pieter@activepc.co.za**

**SUIDKUS VAKANSIEVERBLYF**

Feitlik op die hoofstrand (braaiers by woonstelle en swembad). Twee slaapkamer (slaap 6) met DStv. Veilig omhein met lugreëling. Buite seisoen: Vanaf R400 per nag (breekskadedeposito betaalbaar). R500 vir skoonmaak. Pensioenarisse:10% afslag.

**Jopie du Plessis Edms. Eiendomme Bpk.:**
**Sel: 082 858 7047 of e-pos: jopiedupl@gmail.com**

**AP KERK NELSPRUIT**

## Verlies



*Ons groet ons leraarspaar*

Ná agt en 'n halwe jaar se diens in die AP Kerk Nelspruit het die Here ds. Louis Kirstein na die gemeentes Nigel en Fonteine gestuur om sy arbeid daar voort te sit. Nelspruit was sy eerste gemeente nadat hy, vir jare gevestig in 'n ander beroep, deur die Here tot die bediening geroep is en hy sy teologiese studie aan die AP Akademie voltooi het.

Op 17 Augustus is daar amptelik van die leraarspaar afskeid geneem toe daar aangesit is vir 'n spitbraai-afskeidsete van heerlike vars gebakte brode, papterte, slaaie en nagereg. Br. Jacques Malan het as seremoniemeester opgetree en al die gaste namens die AP Kerk Nelspruit verwelkom.


*Charl Naudé*


*Tom Jacobie*

Die geleentheid is bygewoon deur die gemeentes van die Ring Nelspruit. Die verteenwoordigers was soos volg: Oudl. Willem Kruger en gade (Hectorspuit), ds. Adriaan Botes en gesin (Lydenburg) en ds. Olof van Rooyen en gade (Witrivier). Die AP Kerk Hoedspruit het verskoning aangebied.

Ds. Olof van Rooyen het die geleentheid met Skriflesing en gebed geopen, en ook die tafelgebed gedoen. Daarna het hy 'n boodskap van bemoediging namens die Ring aan ds. Louis oorgedra. Br. Jacques Malan het namens die gemeente 'n afskeidsgeskenk aan die leraarspaar oorhandig. Ds. Adriaan Botes het die geleentheid op gepaste wyse deur gebed afgesluit. Die gemeente waardeer die meelewing van di. Olof en Adriaan, asook oudl. Willem Kruger.


*Uitstalling van Doterra-olies*


*Lentetee*

Die AP Kerk Nelspruit bedank ds. Louis en sr. Marié vir hul toegewyde werk in ons gemeente en bid hulle die seën van die Here toe in hul nuwe arbeidsakker wat hulle op 1 September betree het.

## Lentetee

Op 24 Augustus is 'n vrolike en verheffende lentetee aangebied met goeie ondersteuning uit die gemeenskap. Die sprekers, Charl Naudé en sy vrou Martie, het die gehoor werklik geïnspireer tot positiewe denke, veral op die verhoudingsvlak. Musiek en sang is deur Tom Jacobie en sy dogter, Magda Maré, aangebied.


*Lekker kuier*


*Tafels wat kreun*

Miemie van Niekerk

**AP KERK NIGEL**

## Leraarsbevestiging

Die bevestiging van ds. Louis Kirstein op 1 September was gevul met blydskap en dankbaarheid. Dit is 'n tyd van vreugde en hoop om 'n nuwe geestelike leier te verwelkom om ons te lei en op ons geloofsreis te ondersteun. Ons toekomsvisie is groei en vernuwing vir ons gemeente.

Ons is dankbaar vir 'n nuwe herder en ons bid hom wysheid en leiding toe vir die pad vorentoe.


*Leraarsbevestiging*

## Stap vir Bybels

AP Kerk Nigel kon weer die jaarlikse Stap vir Bybels aanbied. Die gemeenskap het die geleentheid goed ondersteun en daar was 124 stappers. Ons nuwe leraarsvrou, sr. Marié Kirstein, het ook dadelik by ons ingeval. Ds. Louis het aan elke stapper 'n medalje met komplimente van die Bybelgenootskap oorhandig. Alles tot eer van God en om sy Woord te versprei.


*Stap vir Bybels*

Elsa Greyling


**VAKANSIEVERBLYF BESKIKBAAR**

Suid-Afrika se eie slow-town:
**Sedgefield, Wes-Kaap**
*(tussen George en Knysna, +-50 min vanaf George lughawe)*
Claude Urban Drive 63, Sedgefield

Kom geniet jou volgende seevakansie in Sedgefield met:

Asemrowende see-uitsig Alle ouderdomme
Loopafstand van die see (250 m)
4-Slaapkamerhuis Slaap 9 gemaklik
3½ Badkamer Ten volle toegerus
Braaiarea Swembad Gratis Wi-Fi
Veilige omgewing 750 m vanaf hoofstrand
en Phili Phili restaurant Dierevriendelik
DStv Alarm Kluis Skoonmaakdiens
(ekstra koste) Talle toeriste-aantreklikhede

Terme en voorwaardes geld.

**Navrae: Beatrice Werner**
**082 804 8743 • beatrice@modelmelk.co.za**

**TUINWOONSTEL TE HUUR (PRETORIA, LYNNWOOD)**

Ruim, groot woonstel beskikbaar om te huur vir 'n enkel, jong, studerende of werkende Christelike persoon sonder afhanklikes. Dit is geleë in Pretoria, in Lynnwood se stil, veilige Strubenkop-sekuriteitspark.

Die woonstel is gemeubileerd. 'n Ruim slaapkamer/studeerkamer met ingeboude kas en lessenaar, ook 'n sitkamer, badkamer met stort, wasbak en toilet, private stoep in tuin met tuinmeubels waar gebraai en gekuier kan word.

Wasmasjien en tennisbaan kan gebruik word. Internet is gratis, met vinnige spoed en onbeperkte hoeveelheid data. Veilige onderdakparkering. Gratis water en elektrisiteit .

**Slegs nieroker. Nie troeteldiere nie.**

Die woonstel is beskikbaar vanaf **1 Januarie 2025**, prys is R4 300 p.m.

**Kontak dr. Adie Viljoen enige tyd op 082 900 5566 of adieviljoen@surgeon.co.za indien jy belangstel.**
*Selfoonkontak verkieslik, ek is ook op WhatsApp en kan foto's daar laai.*

**AP KERK DERBY**

## In memoriam

Twee van ons lidmate is die afgelope tyd oorlede. Willie Jones op 10 Mei en Sonya Nel op 2 Julie. Ons bid hul naasbestaandes die troos van ons hemelse Vader toe.

## Gesamentlike nagmaal: AP kerke Derby en Koster

Op Sondag 18 Augustus het ds. Greyling van Rooyen die heilige nagmaal aan die twee gemeentes bedien. Ná die diens het almal aan die heerlike kerrie-en-rys en nagereg wat deur die susters van Derby voorberei is, gesmul.

## Doopgeleentheid

Sondag 8 September het prof. Johan Bosman die doop aan Kiara Steyn bedien. Kiara se pappa is op die oomblik in Amerika werksaam en sr. Willemien het haar ten doop gebring.

## Môremark

Die kwartaallikse môremark het op Saterdag 28 September plaasgevind. Kopers het gesmul aan die heerlike sosaties, pap-en-kaiings, worsbroodjies, varsgebak en natuurlik die heerlike pannekoek.

## Jeuguitstappie

Die jeug het op Saterdag 5 Oktober 'n heerlike uitstappie te Wigwam gehad. Die kinders het in die natuur gaan stap, boeresport gedoen, rugby gespeel, in die koue water geswem en natuurlik heerlik gesmul aan worsbroodjies en ander lekkernye. Dankie aan almal wat deel van die beplanning was.

## Kerkraadsbevestiging

Br. Anthon Jones is Sondag 6 Oktober deur ds. Greyling van Rooyen in die diakensamp bevestig.


Elaine Claassens



Gesamentlike nagmaal



Doopgeleentheid



Môremark



Br. Anthon Jones



Jeuguitstappie

**AP KERK BRAKRIVIER**

## Brakrivier hou basaar





Dit is Saterdag 28 September en dit is basaartyd in die gemeenskapsaal op Klein-Brakrivier. Die dag breek soos 'n rooi granaat in die ooste, die geur van gebraaide wors hang in die lug en die springkasteel wag uitnodigend op kindervoetjies.

Wanneer jy die saaltjie binnestap, is die koektafel die een wat jou eerste groet. Pienk versiersuiker-en-sjokoladeskeppings trek die oog. Daar is kolwyntjies, gemmerbier en kleinkoekies ... Elke netjies gedekte tafel het sy eie blombossie en reuk: kaneel en suiker by die pannekoeke, die Oosterse geur van kerrie-en-rys, die uitnooiende kleurepalet van die poedingtafel. Dis jaffels en worsbroodjies, sosaties en boepensvetkoeke en die aroma van 'n vroeë koppie boeretroos.

Ná die openingsgebed begin die lidmate rondskarrel. Jaco help die vrolike atmosfeer aan op sy "Hi-Fi". Die witolifanttafel lok 'n wenpersentasie van besoekers: R5 vir 'n oorskietblommetjieskoppie, R10 vir 'n reistas! Stapels legkaarte en o, die boeke! Die besoekers én lidmate het snuffelkoors. Die tafeltjies in die middel van die saal word 'n heerlike kuier-en-eetplek.

Teen elfuur is die eerste tafel se produkte uitverkoop. Die twee Uber-lidmate vertrek met hul kosbestellings na siek en bejaarde lidmate. Teen twaalfuur neem die gedruis af en om eenuur word die saal opgeruim, die vloer gevee en die vensters toegemaak. Die sleutel knars in die slot.

Daardie aand sak 'n sagte buitjie reën uit. Die wind byt koud van die see af. 'n Wonderlike tyd om 'n rukkie tuis te bly en uit te rus ná al die gewerskaf. Wat 'n mooi dag, wat 'n genadedag!

Janine du Plessis

**AP KERK NYLSTROOM**

## Doopgeleentheid

Op 29 September het br. Nardus en sr. Megan van Wyk klein Ricini ten doop gebring. Ds. Riaan Pretorius het die doop bedien.

Mag sy tot groot seën vir julle wees.

Stoffel Visser



*Die Van Wyk-gesin*

AP KERK LEONARDVILLE

## 4x4-bakkietoer

Die advertensie het in *Die Boodskapper* verskyn en Daleen van der Walt het meer inligting by Martin Verwey bekom. Dit is ook deel van hul gemeente se fondsinsameling. Ons het dadelik besluit om saam te gaan. Ons was drie voertuie en dit was baie pret. Gesinne op plase in Namibië het die toer beplan en ons het by hulle op hul plase kamp opgeslaan. Ontbyt en aandetes is aan ons voorgesit. Die boer op wie se plaas ons oorgestaan het, het ons sy omgewing gewys.

Ons het baie oor hul boerderye en omstandighede geleer. Hegte vriendskappe is gesmee en dit was 'n lewensverrykende belewenis. Die uitgestrekte gemeente se leraar is ds. Albert Boshoff en hy woon op Stampriet. Die gemeente kom voor talle uitdagings te staan, maar hul geloof en hoop dra hulle.

Ons hartlike dank aan almal. Ons kom weer!

Martchen Jansen



*Op Aandblom by Martin en Chantell Verwey*



*By Alfie en Fesia op Saddle*



*By Bennie en Fransien Cornelissen*

AP KERK WESMOOT

## Kniekombersies

Spreuke 31:19 sê: *Sy steek haar hande uit na die spinstok, en haar handpalms hou die spoel vas.* 'n Winterprojek is aangepak deur 'n groepie susters wat kombersies begin hekel het. Ons is bevoorreg om srs. Diana Isel, Ina Gericke en Joey Rossouw te hê wat altyd gewillig is om te help brei of hekel. Sr. Joey het ongelukkig haar linkerhand se gewrig baie seergemaak en moes onttrek. Sr. Ina het 'n pragtige pienk kombers gehekel voordat sy met vakansie na Amerika vertrek het. Sr. Diana het reeds 'n paar kombersies klaar gehad en aanhou hekel. Srs. Thea Britz, Santie Kotzee en Sanet Cloete het saam begin hekel. Hierdie projek is met groot liefde aangepak en het 33 kniekombersies opgelewer. Die kombersies gaan aan Loerie Jeugsentrum in Bronkhorstspruit oorhandig word.



Baie dankie vir die wol wat ons ontvang het en 'n spesiale woord van dank aan die susters wat help hekel het.

Sanet Cloete (AP Kerk Wesmoot Sustersaksie)

**AP KERK WONDERBOOM**

## Ons is trots op Gerrit Smit jr.




Op 8 Oktober het Hoërskool Montana hul Excelsior Ere-aand gehad. Verskeie leerlinge het toekennings ontvang. Die AP Kerk Wonderboom is baie trots op Gerrit Smit jr. Hy het verskeie merietetoekennings ontvang: vir koorlid, asook vir die vakke Afrikaans, Engels, lewenswetenskappe, wiskunde, fisiese wetenskappe, natuurwetenskappe en inligtingstegnologie. Hy is aangewys as duxleerling en ontvang 'n beurs van die Universiteit van Pretoria vir duxleerling graad 12. Mag God hom seën op sy lewenspad verder.

Baie geluk ook aan prof. Gerrit en sr. Marianne met hul seun se uitsonderlike prestasies. Hierdie appel val duidelik reg langs die boom. Mag God u elkeen lank spaar vir u gesin, asook vir ons gemeente.

Lourens Greyling

## AP KERK SUIDKUS NOOI BESOEKERS EN PREDIKANTE UIT

Die AP Kerk Suidkus nooi besoekers aan die kus om eredienste by te woon (Sondae, 09:00). Graag nooi ons ook predikante wat in die omgewing vakansie hou, om hier te kom preek.

**Adres: Alexanderweg 58, Margate. Kontak oudl. Kobie Jacobs 082 896 3236.**


## VOLKSHULP 2000

Volkshulp 2000 is gestig in 1991 as 'n organisasie sonder winsoogmerk, en ontvang geen ander inkomstes van enige instansies nie. Ons is dus afhanklik van ons eie volksgenote wat kan help met die onderstaande items.

Vir belastingdoeleindes kan Volkshulp 2000 op aanvraag 'n Artikel 18A-sertifikaat uitreik met alle kontantdonasies wat aan Volkshulp 2000 gemaak word. Bankbesonderhede kan verkry word by ons hoofkantoor.

Indien u oor die volgende items beskik wat bruikbaar is, kan u ons gerus kontak by ons hoofkantoor en ons kom haal dit by u, of u is welkom om dit self te kom aflewer.

**ONS BENODIG DRINGEND ALLE BRUIKBARE ITEMS, WAT DAN WEER HELP OM IN ONS VOLKSGENOTE SE BEHOEFTES TE VOORSIEN.**

Klere • Skoene • Linne • Huisraad
Alle bruikbare meubels • Speelgoed • Kos

**www.volkshulp.org.za**
**Tel:** 012 755 8201 • **Sel:** 082 6827454
**Adres:** Steadlaan 246, Queenswood, Pretoria


**BLOKKIESRAAISEL-ANTWOORDE:** OKTOBER 2024, BL. 22

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 1 D | | | | | | | | 2 V | R | E | E | 3 S |
| 4 W | A | T | E | R | | 5 B | | 6 B | E | H | A | E | | | | I |
| I | | | | O | | E | | | | | | R | | 7 W | E | T |
| N | | 8 V | O | O | R | S | P | 9 O | E | 10 D | I | G | | | | |
| D | | | | G | | O | | O | | A | | 11 A | L | L | E | 12 S |
| | 13 W | | | T | | R | | R | | A | | A | | | | O |
| | A | | 14 V | E | R | G | A | D | E | R | I | N | 15 G | | | N |
| | N | | E | | | | | E | | O | | | 16 R | A | A | D |
| | D | | R | | | | | E | | M | | | O | | | A |
| 17 M | E | N | S | E | | | | L | | | | | E | | | A |
| | L | | T | | | 18 V | | | | 19 K | R | I | N | 20 G | | R |
| | | | R | | | E | | 21 D | R | A | | | | E | | S |
| | 22 B | O | O | M | | R | | A | | F | | | | P | | |
| | L | | O | | | 23 W | E | G | | | | | | L | | |
| | A | | I | | | E | | | | 24 B | E | S | T | A | A | N |
| | D | | | | | L | | | | | | | | N | | |
| | | 25 U | I | T | S | K | I | E | T | | | 26 H | I | T | T | E |



# Generaal Christiaan Rudolf de Wet

– Dr. Pieter Möller

Generaal De Wet is ongetwyfeld die beroemdste Boeregeneraal van alle tye. Hy is op 7 Oktober 1854 op die plaas Leeuwkop in die Smithfield-distrik (OVS) gebore. Op 26-jarige leeftyd was hy een van die burgers wat die Engelse tydens die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) 'n neerlaag op die berg Majuba toegedien het en sodoende dié oorlog gewen het.

Met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog (11 Oktober 1899) was De Wet lid van die Heilbronse kommando. Reeds vroeg in die oorlog het sy onverskrokkenheid tydens die Slag van Nicholsonsnek die aandag op hom gevestig. Die gevolg was dat president Steyn (van die Vrystaatse republiek) hom as veggeneraal aangestel het – 'n amp wat hy ná gebed aanvaar het.

Van die begin af was De Wet van mening dat die strategie wat ouer generaals soos Piet Cronjé gevolg het, nie kragdadig genoeg was nie en dat meer aktief opgetree moes word. Hy het in bevel van 'n klein kommando'tjie baie groter Engelse kolonnes met weergalose dapperheid aangeval, gevoelige verliese toegedien en voorrade en lewensmiddele buitgemaak. Die wyse waarop hy sy burgers tydens gevegte gelei en die militêre vernuf wat hy aan die dag gelê het, het weldra bygedra tot sy roem as vegsman en vaderlander en van hom een van die groot staatmaker-generaals van die Boerekommando's gemaak. Die Engelse oormag was geweldig en die Boerestrydmagte moes maar altyd daarmee rekening hou. Nieteenstaande hierdie oormag het De Wet talle groot oorwinnings behaal. Hieronder ressorteer Sannaspos, Mostertshoek en Rooiwal. By Rooiwal is 'n baie groot buit aan kos, klere en ammunisie gemaak. Daar was egter so 'n enorme hoeveelheid voorrade dat slegs 'n klein deeltjie buitgemaak kon word. Die res is op 'n groot hoop gegooi en opgeblaas. Dit het 'n reuseontploffing veroorsaak en die vlamme kon kilometers ver gesien word.

Die Engelse generaals het sonder sukses probeer om die man wat soveel skade veroorsaak het, te vang. So was De Wet by geleentheid in die Magaliesberge teen hoë kranse vasgekeer. Op 'n vraag aan 'n swart boorling of 'n mens daar kan oor, het hy ontkennend geantwoord. Op 'n volgende vraag of bobbejane daar oor kan gaan, is bevestigend geantwoord. De Wet het vir sy burgers gesê as bobbejane kan oor, kan hulle ook oor en toe die Engelse die volgende oggend dink hulle vang hom, het hy hulle weer ontglip!

De Wet se Arabiese hings, Fleur, was mettertyd net so beroemd soos sy baas. By 'n ander geleentheid was sy kommando heeltemal deur Engelse magte omsingel en dit het gelyk of die einde van die oorlog vir hom aangebreek het. Hy het egter die lang gras aan die brand laat steek en in die vlamme en rook tussen hulle deur uitgejaag. Daar is ook die staaltjie oor 'n Tommie wat aan sy makkers wou toon hoe die generaal lyk wat hulle nie gevang kry nie. Hy sou teen 'n bepaalde bedrag 'n foto van De Wet aan sy makkers verkoop, en die foto in iets soos 'n vuurhoutjiedosie plaas. Toe almal betaal het en hul dosies kry en dit oopmaak, was dit leeg. Aan sy woedende makkers het hy gesê: "He must have disappeared again," en gemaak dat hy voor hulle wegkom. Die staaltjie meld nie of hy toe die geld teruggegee het nie.

Toe die hoofkommandant van die Vrystaatse burgers bedank, is De Wet deur die burgers in sy plek verkies. Met tyd het die stryd vir die Boerekommando's al hoe hewiger en die oormag groter geword. Nadat die Engelse

Vervolg op bl. 36 ››



# Gevolge, gevolge

**Hannekie Verwoerd**

Ek is baie lief vir spelling. Hiermee bedoel ek nie dat ek bloot 'n passie vir korrekte spelling het nie – ek vind dit baie bevredigend om uit te pluis waarom 'n woord op 'n sekere manier gespel word.

Wat 'n skok was dit dus dat van ons seuns nie 'n snars kon omgee oor hoe 'n woord gespel moet word nie. Om drie keer in een paragraaf dieselfde woord op drie verskillende maniere te spel, terwyl die korrekte spelling binne oogbereik val, was nie iets wat hulle laat wroeg het nie. Wat verder gegrief het, was die feit dat hulle nie 'n gebrek aan goeie instruksie gehad het nie en in die meeste gevalle dadelik kon sê waar die fout ingesluip het. Die een met 'n passie vir spelling is ook die een wat met groot geduld kan verduidelik. Die boetas vergeet net so gou!

Die belangrikste deel van kinders grootmaak is dat jy moet DINK. Dink waarom die kind optree soos hy optree, dink oor die gevolge daarvan as hy met iets volhou, dink oor hoe jy prakties kan help om 'n sekere gedragspatroon of karaktereienskap te verander. In my dink oor ons seuns se afskuwelike gesindheid teenoor spelling, het die volgende duidelik geword. Hulle spel sleg omdat hulle nie die voordeel van korrekte spelling insien nie. En hulle sien nie die voordeel van korrekte spelling in nie omdat hulle nog nie beleef het hoeveel vinniger 'n mens kan werk as jy nooit hoef te wonder oor hoe 'n woord gespel word nie. Hulle moes dus die gevolg van goeie spelling tasbaar beleef.

Die afgelope kwartaal moes ons jongste drie diktee[1] dus anders as gewoonlik aanpak. 'n Sin waarin 'n spelfout voorkom, moes heeltemal oorgeskryf word totdat dit geen spelfoute bevat het nie. Sodra die diktee-afdeling (in blokke van 35 sinne) deurgewerk is, ontvang die deelnemer 'n beloning. Diegene wat met 'n eerste poging die sin sonder spelfout kon neerpen, beweeg heelwat vinniger deur die oefening en sou in die loop van 'n kwartaal aanspraak kon maak op 'n groter hoeveelheid belonings. En soos die pad na 'n man se hart deur sy maag loop ... nou ja, so kan 'n mens ook die brein van 'n seun met 'n wortel voor die neus verander.

So het daar die afgelope kwartaal 'n groter noukeurigheid ontstaan. Die traak-my-nie-agtigheid het grootliks verdwyn en sonder dat die seuns dit besef, het hul werkspoed én spelvermoë besonder verbeter. Ná letterlik jare se sukkel met spelling, sien ek nou die lig aan die einde van die tonnel. En dit net omdat ons begin werk het met gevolge ...

Die wysheid wat lewenservaring vir volwassenes meebring, stel ons in staat om te kan voorspel wat die toekoms inhou indien die kind met 'n sekere gedragspatroon of die uitbou van 'n sekere karaktereienskap volhou.

**Dit is 'n belangrik dat liefdevolle ouers hul kinders op sinvolle maniere iets van die gevolge van hul optrede laat beleef sodat hul gedragspatroon kan verander, of hulle 'n sekere karaktereienskap kan ontwikkel en die voordeel trek uit die vrugte wat dit afwerp.**

Ons moet egter ook nadink oor ons eie optrede. Ook ons optrede het gevolge. En daardie gevolge het 'n invloed op ons en ons kinders (én ons nageslag). Daar is natuurlik vele aspekte van ons eie gedrag wat onder die loep behoort te kom. Ek wil een so 'n aspek uitlig waaroor ons moet nadink. Ek sien ouers dikwels stoei met kinders wat nie luister wanneer hulle 'n direkte opdrag

1. Voorlesing met die oog op 'n speltoets.

kry nie. Ons moet vra: Wat is dit wat maak dat 'n ouer gesag by 'n kind afdwing? Wat is dit wat maak dat sommige ma's een keer en met 'n gewone stemtoon vra en daar is gehoorsame reaksie, terwyl ander weer heen en weer moet onderhandel, raas, dreig of manipuleer en dan is daar steeds nie gehoorsaamheid nie?

Kan dit wees dat ons kinders se ongehoorsaamheid direk verband hou met ons eie optrede? Kinders is sondige skepsels, maar waarom is gehoorsaamheid vir sommige so 'n onmoontlike en onhaalbare mikpunt om te bereik? Dit lyk tog of ons hantering van ons kinders sekere gedragspatrone by hulle vestig. Gedragspatrone wat opbouend of afbrekend kan wees.

**Dink dan hieroor: Hoeveel keer gebeur dit tuis dat jy 'n opdrag gee en dit nie opvolg nie?**

As jy tuis praat en daar is nie gevolge as kindlief nié luister nie, moet jy nie verwag dat hy vriendelik en vinnig gaan luister as jy in die openbaar 'n direkte opdrag gee nie. Hoeveel keer bly jy sit en herhaal die versoek nog twee of hoeveel keer voordat daar gevolge is? Want jy is moeg en besig en jou aandag is verdeel! Hierdie is alles dinge wat gevolge gaan hê ...

Moet jy dan die dag gewapen met die paplepel deurbring? Soms is drastiese optrede nodig. Meestal is dit egter genoeg om net dadelik in te tree (nadat jy een keer mooi gepraat het) en die kind fisies te help om te doen wat gedoen moet word. "Maak toe die laai ..." en as hy nie luister nie, sy handjies te vat en die laai saam met hom toe te druk: "Mamma sê, maak toe die laai!"

Kinders grootmaak is nie vir sissies nie. Dis harde werk en vereis dat jy veral in die eerste jare werklik gefokus bly. Mag die Here ons hande sterk maak sodat ons ons kinders met goeie gevolg sal grootmaak.

---

«Vervolg vanaf bl. 34

## Generaal Christiaan Rudolf de Wet

magte vroeg in 1900 Bloemfontein en Pretoria ingeneem het, was talle burgers moedeloos en wou sommige van die leiers met vredesamesprekings begin, maar ander, onder wie De Wet, wou die stryd voortsit.

Hierna het hy in werklikheid sy grootste roem behaal deur sy guerrilla-oorlogvoering. Kommando's is in klein beweeglike eenhede omskep wat dit vir die vyand baie moeilik gemaak het om hulle te vang. Veral De Wet, maar ook generaal Koos de la Rey, het hierin uitgemunt. Daar is blitsvinnig op Engelse magte toegeslaan en skade aangerig om net so vinnig weer spore te maak. Die volgende dag is 'n ander Engelse mag weer kilometers verder aangeval, met dieselfde resultaat. As teenvoeter het die Engelse dwarsoor Transvaal en die Vrystaat blokhuise vol soldate opgerig wat met doringdraad aan mekaar verbind was. Selfs daarmee kon hulle De Wet nie vang nie. Verder het die Engelse die hele Transvaal en Vrystaat verwoes deur plase af te brand, vee dood te maak, landerye af te brand, vrugtebome af te kap en vrouens en kinders na konsentrasiekampe te neem waar meer as 32 000 dood is as gevolg van min en minderwaardige kos, swak mediese versorging en koelbloedige optrede.

Alhoewel die konsentrasiekampe 'n ontsettende terugslag vir die Boere was, het hulle egter nog die stryd tot 31 Mei 1902 voortgesit. De Wet was teen die vredesluiting gekant en wou die oorlog voortsit, maar vanweë president Steyn se siekte is hy aangewys as die waarnemende president van die OVS en moes hy die vrede namens die Vrystaat onderteken, iets wat vir hom vreeslik moes gewees het.

Generaal De Wet is op 3 Februarie 1922 oorlede. Hy is aan die voet van die Vrouemonument in Bloemfontein te ruste gelê waar ook die oorskotte van oudpresident MT Steyn en Emily Hobhouse rus. Dit bewys die agting en liefde wat die Vrystaters vir hierdie Boereheld gehad het.

**Dr. Pieter Möller is reeds sedert die aanvang van ons geskiedenisrubriek in 2019 deel van die skryfspan. Hierdie is egter sy laaste bydrae. Ons wil hom graag van harte bedank vir sy nougesette toewyding en die entoesiasme waarmee hy aan hierdie rubriek deelgeneem het. Sy kennis en insig het ons verryk.**

# Die Boekwinkel
LIG IN DUISTERNIS UITGEWERS

www.liginduisternis.co.za

*Die spesiale aanbiedings in hierdie uitgawe is geldig tot 8 Desember 2024. Terwyl voorraad hou.*

## SAKPAS GESKENKIDEES




WAS: ~~R450~~
NOU: R380




KRY AL TWEE!
WAS: ~~R365~~ NOU: R290




WAS: ~~R250~~
NOU: R200





KRY AL DRIE!
WAS: ~~R265~~ NOU: R215

WAS: ~~R340~~
NOU: R255




Loer na die res van die spesiale aanbiedings by www.liginduisternis.co.za



## STUDEER VERDER BY DIE APA EN ONTSLUIT NUWE DEURE!

*Baccalaureus Societas Scientiae*

**BSocSci**

Die BSocSci-graad is ŉ kontakgraad. Dit het ten doel om meningsvormende leiers in die joernalistiek, politiek, onderwys en gemeenskapsontwikkeling te lewer wat die samelewing weg van die afgronde van beide die verlede en ons tyd kan help lei. Hierdie graad is uitnemend geskik as voorbereiding om leiers te wees op die berge van invloed, as dit so vir hulle beskik is: kerk, gesin, opvoeding, burgerlike regering, kuns en ontspanning, media, sowel as besigheid en ekonomie.

**KLASSIEK-CHRISTELIK | BYBELGETROU | AFRIKAANS**

- Studeer terwyl jy werk.
- Internasionaal aanwendbaar.
- Kwalifiseer om by SACE te registreer.
- Geakkrediteerde programme wat wye erkenning geniet!
- Geregistreer by die Departement van Hoër Onderwys.

**Schola Scripta** (kontakprogram), **BA** (afstandsprogram), **BSocSci** (kontakprogram), **NGOS** (kontakprogram), **TPK** (afstandsgebaseerd), **BDiv** (kontakprogram)

WOORD LIG WAARHEID

**OU SPORE, NUWE WEË**

www.apa.ac.za

# BKO

BO-KAROO OPLEIDING

- WAAR JY -

*vry, veilig en voorspoedig*

SAAM AAN 'N HOOPVOLLE TOEKOMS BOU

KOM STUDEER OP 'N KAMPUS SONDER MURE
EN WERK AAN JOU LOOPBAAN

## KWALIFIKASIES

- BOERDERY BESTUUR
- BOU- EN SIVIELE KONSTRUKSIE
- LOODGIETER
- ELEKTRIES
- TUISVERSORGING
- TUISSORG ASSISTENT
- VROEË KINDER ONTWIKKELING
- SIVIELE INGENIEURSWESE DIPLOMA

*Vorm deel van ons unieke studentelewe en koshuistradisies!*

Aansoeke vir 2025 is oop en finansiering is beskikbaar!

053 110 0620 061 768 1852 ontvangs@bko.co.za

www.bko.co.za